

SAVAK se rol as intelligensiediens in Iran, 1956–1979: Bydraes tot regimevorming, staatsbou en geopolitiek

Heinrich Matthee

Heinrich Matthee, Skool vir Regeringstudies, Noordwes-Universiteit

Opsomming

In Iran tydens die bewind van sjah Mohammad Reza Pahlavi (1941–79), is SAVAK (*Sazeman-e Ettela'at va Amniyat-e Keshvar*) gestig om sowel buitelandse intelligensiewerk as binnelandse veiligheid te bevorder. Iran se politieke orde was volgens Springborg (2020) een met beperkte toegang. SAVAK het daarin die funksies verrig wat demokratiese ordes se intelligensie-agentskappe ook uitvoer, insluitende die verkryging en verspreiding van intelligensie, teen-intelligensie en kovert aksie.

SAVAK het vir die heerser in sy interne faksiestryde 'n mededingende mag daargestel wat sy uitdagers nie kon ewenaar nie. Dit het bygedra tot die heerser se beheer oor faksies in die veiligheidsmagte en regimevorming. SAVAK het sowel magsentralisasie as plaaslike skikkings tussen sterk rolspelers bemiddel en tot staatsvorming bygedra. Dit het waar die burokrasie swak was as probleemoplosser opgetree.

SAVAK het die ideologiese en kulturele veld help vorm deur sensuur, selektiewe steun vir denkers, medewerkers in die media en die oprigting van kulturele infrastruktuur. Die intelligensiediens het ook as 'n indirekte kommunikasiekanaal tussen die bevolking, elite en heerser gedien. Die sjah het op grond van intelligensieverslae, sanksies en patronaatpolitiek in die burokrasie en partye sy beheer oor die elite en publiek probeer behou. Die sjah se verwerping van kritiese SAVAK-advies en die beperkte dinamiese vermoëns onder latere SAVAK-hoofde het in die laat-1970's tot sy val bygedra.

Naas die heerser het SAVAK die belangrikste rol gespeel by die uitvoering van nie-staat-buitelandse beleid in die Midde-Ooste om subnasionale, nasionale, regionale en geopolitieke doelwitte te bereik. Die geopolitieke veld en kultuur is hervorm om groter politieke en kulturele selfstandigheid te bevorder. Toe die Iran-Irak-oorlog in 1980 uitbreek, was Iran ook as staat voldoende ontstrengel van groot moondhede om sy belange te beskerm. SAVAK se voorbeeld

bied aanknooppunte om die eiesoortige rolle en funksies van intelligensie- en veiligheidsdienste in beperktetoegangsordes te verstaan.

Trefwoorde: beperktetoegangsorte; elitesteunpunt; geheime polisie; geopolitieke kultuur; intelligensiediens; ideologiese kragveld; kernfunksies; neopatrimonial; probleemoplosser; randfunksies; SAVAK; skikking

Abstract

The role of SAVAK as an intelligence service in Iran, 1956–1979: Contributions to regime formation, state-building and geopolitics

During the reign of shah Mohammad Reza Pahlavi (1941–1979), a new intelligence and security service SAVAK (*Sazeman-e Ettela'at va Amniyat-e Keshvar*) was established in 1956 to ensure domestic security and to conduct foreign intelligence.

Iran under the shah and his predecessors constituted a limited access order as described by Robert Springborg. Such an order is characterised by an absence of political pluralism, direct access by the citizens, a free flow of credible information, transparency of policy processes, and strong institutional checks and balances.

During the period 1941–1953, military factions, the bureaucracy and the royal court's patronage served as the main domestic pillars of the shah's regime. SAVAK's foundation reconfigured the regime's constellation of powers and SAVAK became a significant additional pillar of support within the regime's inner circle. For more than 20 years, SAVAK made key contributions to regime formation, state-building and geopolitics.

New intelligence organisations are mostly built on the foundations of other organisations, the ruler's confidants or personnel who have already developed expertise and informer networks. In the case of SAVAK, military officers formed the initial core. With the support of US, UK and Israeli intelligence services, SAVAK developed Iran's first full-fledged foreign intelligence service in the 20th century.

After the coup in 1953, SAVAK contributed significantly to regime formation by neutralising the shah's opponents in the military. SAVAK helped to ensure the shah's security during a period of coups in Turkey, Iraq and Pakistan and coup plots in Iran. SAVAK's activities promoted a greater centralisation of power in Tehran and the consolidation of the shah's control over all major factions by 1963.

Historically, strong non-Western or Western powers regularly penetrated and dominated Iran's neighbourhood. SAVAK's efforts to pacify tribes and to facilitate local settlements reinforced state building. SAVAK made the regime but also Iran as a state less vulnerable to foreign powers.

The neo-patrimonial dimensions of the regime were strong. Decision-making and policy implementation took place through informal and personal networks within institutions. Formal bureaucratic and merit-based processes often mattered less than submission to the shah, also in SAVAK.

SAVAK weakened political opposition groups like the Tudeh Party and the National Front. It also supported the shah's efforts to establish a controlled system of party patronage and electoral support. It screened the candidates of pro-shah parties, interfered in elections and mobilised attendees before political rallies.

Sometimes the shah decided on policy options based on intelligence reports regarding the public's preferences and reactions. The intelligence service therefore served as an indirect communication channel between the population, elite and ruler. SAVAK's understanding of public sentiment was at least periodically more limited than the population and also political opponents thought at the time. Especially during Nasser's leadership (1965–1978), SAVAK resorted to an image of omniscience and more coercive measures to suppress political dissent.

SAVAK also shaped the ideological and cultural field through domestic and international propaganda campaigns, censorship, selective support for artists and thinkers, and the use of informers on the boards of media and cultural organisations. The history of many political orders cannot be properly understood and assessed without taking into account the hidden contributions of intelligence and security services. This is also the case with Iran under the shah.

The shah showed considerable geopolitical acumen and deployed local, national and transnational identity politics during geopolitical competition. In certain areas of bureaucratic uncertainty regarding competences and foreign policymaking, SAVAK dominated the Ministry of Foreign Affairs. SAVAK played the most important role in implementing foreign policy in Iraq and the Persian Gulf.

G2 (military intelligence) never succeeded in changing or substituting the role of SAVAK in the intelligence community or as the shah's problem-solver in foreign affairs. Higher oil prices and income and arms purchases enabled the shah to act more independently of the USA and USSR in the 1970s. By then, SAVAK had already overcome its initial dependence on foreign intelligence services. SAVAK played a pivotal role in changing the geopolitical field and the geopolitical culture of Iran.

Teece and others defined dynamic capabilities as a firm's ability to sense rapid shifts in the environment, to seize the related opportunities and to reconfigure the firm accordingly. This concept can also be applied to a few senior officers in SAVAK. Hassan Pakravan, for example, identified new cultural and ideological trends to strengthen the shah's legitimacy. Pakravan also signalled the unfulfilled aspirations of the new middle class and the need for a political settlement with traditional Muslims and moderate clerics. Parviz Sabeti clearly warned about the destabilising effects of elite corruption.

The shah's reluctance to tolerate strong and independent security advisers around him and to accept critical but accurate judgements from SAVAK eventually distorted his perspective during the political turmoil of 1977–1979. These factors played a key role in poor decision-making and the shah's eventual loss of power.

The Islamic Republic of Iran's new regime was attacked by the Iraqi Baath regime in 1980. It soon became apparent that the shah and SAVAK had not only achieved regime security in Iran, but also a measure of nation-building and state-building. Iraq could not, like other powers in history, conquer significant territories or establish its authority over groups in Iran.

SAVAK officers formed some of the building blocks of a new Iranian intelligence service, which defended Iran. Together with parts of the shah's army and air force, the Revolutionary Guards and numerous volunteers, these ideologically heterogeneous forces were able to ensure the new regime's survival and Iran's territorial integrity during the longest conventional war in the 20th century.

The case of SAVAK in Iran allows more generic insights about the distinctive functions and roles of intelligence services in limited access orders. Stout and Warner distinguish between the core functions and peripheral functions of intelligence work. They describe the collection, analysis and dissemination of intelligence, counterintelligence and frequently also covert action as core functions. Other functions, including border control and diplomacy, are described as peripheral functions. They correctly point to the variety of functions intelligence services perform. However, the definition of core functions may assume a fairly consolidated government and state.

The functions performed by intelligence and security services, their relative importance, and the way they are perceived by a government depend on the dynamics and actors of the political order. It would often be useful to analyse the functions of an intelligence service in a limited access order with reference to a number of dimensions.

These dimensions would include the ruler's relationship with the actors of the intelligence community, the relative strength of the regime vis-à-vis other domestic competitors, the nature and extent of regime formation, the features and main actors of the underlying political settlements, the cultural and ideological field, the dynamics and scope of nation-building and state-building, the geopolitical field and geopolitical culture.

In limited access orders, the formation, survival and power of the regime itself represent core tasks for intelligence and security services. This is particularly evident where a weak regime is essentially another faction among others that could, for example, be overthrown by factions within the security forces. This also is the case when an intelligence service assists a regime in achieving and maintaining power-sharing agreements or supremacy over rival factions.

Where a regime does not have a monopoly of power in a territory or where certain groups do not consider themselves subordinate to the regime, new political arrangements to consolidate the political order can be quite important. This is especially crucial when foreign powers exploit existing vulnerabilities to gain influence over specific groups or regions. If an intelligence service promotes such resilience vis-à-vis other actors, also by facilitating new political settlements, it fulfils a core function for the regime. It may even contribute to state-building.

In limited access orders, inclusion, exclusion and marginalisation within the political elite are managed to enhance the ruler's hold on power. Thus, intelligence about members of the elite remains a valuable resource for a ruler. If an intelligence service assists in building a controlled party system and securing electoral support, it reinforces its key role within the regime.

In many limited access orders, rulers are also sensitive to criticism or ideas that may weaken their legitimacy and authority among the population. If an intelligence service assists the ruler by shaping the ideological and cultural field to bolster his or her authority, it mostly fulfils a core function from the ruler's perspective.

In limited access orders, intelligence and security services may also undertake tasks unrelated to security matters at the ruler's behest. This may occur when the ruler does not have administrative resources or sufficient trust in other institutions. Additionally, an intelligence and security service may act as a problem solver in communities. During the reign of the shah in Iran, SAVAK assumed various such roles at local, national and regional levels.

Keywords: core functions; geopolitical culture; ideological field; intelligence service; limited access order; neopatrimonial; political settlement; problem-solver; SAVAK; secret police

1. Inleiding

Iran was tydens die bewind van sjah Mohammad Reza Pahlavi (1941–1979) 'n orde met beperkte politieke toegang omring deur soortgelyke ordes en politieke onstabiliteit. SAVAK (*Sazeman-e Ettela'at va Amniyat-e Keshvar*) is in 1956 in Iran as buitelandse intelligensiediens en binnelandse veiligheidsdiens gestig. In die meeste demokratiese ordes bestaan organisasies wat ten doel het om op hierdie twee terreine op te tree, maar dikwels word aparte organisasies dan daarvoor ingestel.

Hierdie artikel probeer drie vrae beantwoord: Wat was die rolle, funksies en uitwerking van SAVAK met betrekking tot regimeveiligheid en staatsbou? Wat was die bydrae van SAVAK binne die dominante geopolitieke orde en diskoers? Watter insigte bied die geval van SAVAK in Iran oor die rolle, funksies en uitwerking van intelligensie- en veiligheidsdienste in beperktetoegangsortes?

Die ontleding fokus op etlike temas om hierdie vrae te beantwoord: die vorming van SAVAK as beveiliging van 'n kwesbare sjah; die konsolidasie van faksies in die veiligheidsmagte; politieke ordening en skikkings met sterk nie-staatsrolspelers; patronaatpolitiek deur die burokrasie en partye; beheer oor die elite en die bevolking; SAVAK se rol in die ideologiese en kulturele kragveld; ontstrengeling van die groot magte; identiteitspolitiek en geopolitiek; die sjah as intelligensiegebruiker en besluitnemer; en SAVAK se lotgevalle weens die Islamitiese Rewolusie in Februarie 1979.

2. Konseptuele raamwerk

Die neopatrimoniale magstelsel in Iran tydens die sjah se bewind is gekenmerk deur informele en formele magsentra, wedersydse interafhanklikheid en faksiestryde. Informele netwerke van persoonlike bande het parallel met die formele strukture bestaan en hulle oorvleuel. Die verspreiding en konsentrasie van mag is deur sulke netwerke bemiddel. Dié besluitnemingsproses het beteken dat daar baie toegangspunte was indien 'n mens die regte mense geken het of kon bereik. Uiteindelik was die heerser en sy hofhouding die een instelling waarom alle ander gedraai het (Kamrava 2022:147–52).

Springborg (2020:62–4) noem dat die meeste politieke ordes in die Midde-Ooste en Noord-Afrika sogenaamde beperktetoegangsortes is. In sulke ordes ontbreek politieke pluralisme, direkte toegang deur die burgery, 'n vrye vloei van betroubare inligting, deursigtigheid van beleidsprosesse en sterk institusionele wigte en teenwigte. Hy doen aan die hand dat by

politieke ordes in die Midde-Ooste onderskei kan word tussen monargieë en republieke, meestal met 'n diep staat van direkte en verskuilde magshebbers en patronaatnetwerke.

Springborg gebruik wel die term *diep staat*, wat suggereer dat 'n volgroeide staat met 'n verskuilde kern bestaan. Die artikel se vertrekpunt is daarenteen dat die voorbeelde waarna Springborg verwys meestal 'n regime met 'n verskuilde kern en 'n sekere wisselende reikwydte binne 'n magsveld van faksies is. Die staat daaromheen kan wel internasionale erkenning geniet, maar die politieke dinamiek daarvan verskil dermate dat die term *staat*, met al sy wortels in die historiese tydgebonde nasiestaat, meer verhul as wat dit onthul.

In 'n orde met beperkte toegang is dit die fokus van sekere persone, persoonlike netwerke en instellings om binne die regime se kring van toegang tot ekonomiese, politieke en ander voordele en belonings te bly (Springborg 2020:66). Die rolspelers dryf sekere agendas, prioriteite en operasies, maar hulle posisie binne die regime en die regime se voortbestaan geniet dan voorrang bo die algemene bevolking s'n.

In die artikel word die term *staat* dus vervang deur die term *politieke orde* of *bestel*. Binne so 'n politieke orde kan verskillende politieke konstellasies bestaan en ontstaan: volwaardige nasiestate, ordes gebou op faksies en stilswyende of uitdruklike skikkings in verskillende gebiede, of ordes waarin een faksie of koalisie van faksies sodanige voorrang binne sekere gebiede verkry dat 'n mens hulle as 'n regime kan bestempel.

'n Staat is een vorm van politieke orde; dit dui op 'n bevolking, grondgebied en grense, 'n rolspeler met 'n geweldsmonopolie, 'n erkende internasionale posisie en skikkings tussen elites (Whaites 2008). Staatsvorming is die proses waardeur volkere en gebiede met spesifieke organisatoriese magstrukture geïdentifiseer word. Whaites onderskei tussen primêre funksies en sekondêre funksies wat vervul moet word om 'n staat te vorm. Primêre funksies is veiligheid, 'n regsorde en inkomste (belasting ensovoorts), maar sekondêre staatsfunksies verskil van staat tot staat: by sommiges is dit ontwikkel tot 'n welsynstelsel, by ander behels dit karige dienste. Die mate waarin 'n regime of staat op die behoeftes en wense van sy bevolking reageer, verskil van tydperk tot tydperk.

Staatsbou is die proses waardeur state hulle vermoë verbeter om te funksioneer en hulle owerhede se doelwitte te bereik (Whaites 2008:4). Dit sluit 'n regsorde in, maar nie noodwendig die oppergesag van die reg en gedeelde bevoegdhede nie. Eliteskikkings of skikkings met nie-staatsrolspelers maak meermale 'n belangrike deel van 'n regime of staat se vorming uit. Verkiesings alleen is dan nie 'n voorvereiste of voldoende teken van legitimiteit nie. Beskerming, welsynsvoordele, die goedkeuring van sekere elites of stande (tradisionele owerhede), vorme van charisma, tekens van 'n sosiale kontrak tussen die heersers en dele van die bevolking, en goeie prestasie by die uitvoering van primêre en/of sekondêre funksies kan ook legitimiteit verleen.

Stout en Warner (2018:19–20) onderskei tussen die kernfunksies en randfunksies van intelligensiewerk. Kernfunksies lei tot herhalende patrone by intelligensie-agentskappe se aktiwiteite, insluitende die verkryging, ontleding en verspreiding van intelligensie, teenintelligensie, en dikwels ook koverte aksie. Daarenteen is daar randfunksies, soos diplomatie, die bestuur van tronke en grensbeheer, wat meer veranderlik is en weens die plaaslike politieke kultuur of organisatoriese omstandighede bestaan. Hulle voer dus aan dat intelligensiewerk alles behels wat intelligensie-agentskappe doen. Dit is onduidelik in watter mate Stout en Warner se funksieverdeling 'n gekonsolideerde staat veronderstel.

Wanneer organisasies binne 'n politieke orde sulke funksies vervul, vertoon leiers of medewerkers in sommige organisasies die vermoë om in snel veranderende omstandighede die geringe eerste voortekens van groot verandering reg te interpreteer, die kanse wat daaruit voortspruit te benut, en organisasies te omvorm sodat hulle die kanse kan benut. Teece en Pisano (2003:196) verwys hierna as dinamiese vermoëns by maatskappye. Hierdie kriteria word hier ook by 'n ontleding van veiligheids- en intelligensiedienste aangewend.

Iran was histories invloedryk in sy streek en word deur sewe buurstate omring. Om sy geopolitieke dimensies te ontleed, word Toal se raamwerk van 'n geopolitieke veld, kultuur en toestande gebruik (Toal 2017:9–13). Rolspelers skep en herskep volgens Toal die landskappe, die spelreëls en die sosiale skikkings waarop 'n geopolitieke veld berus. 'n Geopolitieke kultuur omvat ook 'n reeks historiese herinnerings en betwiste toekomsvisies. 'n Spektrum van identiteite en gevoelsgelade voorstellings oor groepe, ordes en hulle plek teenoor andere in die wêreld kom daarin na vore. 'n Geopolitieke veld en kultuur se wisselwerking met tegnologie, infrastruktuur, media en opvoeding omvorm die stelsels waarin geopolitiek beleef, verstaan en beoefen word.

3. Metodologie en bronne

Die artikel gebruik 'n kwalitatiewe navorsingsparadigma om die rolle en funksies van SAVAK as 'n intelligensie- en veiligheidsdiens in die beperktetoegangsorde van Iran te ondersoek. Vanuit die opgespoorde historiese bronne en versamelde gegewens het sekere temas uitgekristalliseer. Die historiese konteks, temas en gebeure word nie altyd in besonderhede bespreek nie, maar word behandel vir sover hulle lig werp op aspekte van SAVAK se werking, rolle en funksies tydens die bewind van die sjah.

Die ontleding van die materiaal geskied aan die hand van die navorsingsvrae en konseptuele raamwerk. Botsende gegewens en teenstrydige verklarings word waar dit relevant is aangedui. Die verbande tussen die temas word verken en verskillende interpretasies van SAVAK se rol en funksies in die politieke orde beoordeel.

Dit is opvallend dat daar meer as vier dekades na die val van die sjah en die Islamitiese Rewolusie in 1979 steeds geen omvattende Engelstalige akademiese studie van SAVAK se Amerikaanse en Britse bande bestaan nie. Hierdie artikel gebruik dus die relatief beperkte en gefragmenteerde bronne wat tot dusver oor SAVAK in die Engelstalige en Duitstalige openbare domein beskikbaar is.

Binne Iran is net sekere SAVAK-dokumente gepubliseer, naamlik veral dié wat op sy binne-landse aktiwiteite fokus. Ideologiese, politieke en veiligheidsoorwegings beperk tot dusver vir Westerse navorsers wyer toegang daartoe. Gepubliseerde onderhoude met of die memoires van ses beamptes van die Amerikaanse Central Intelligence Agency (CIA) met toepaslike ervaring in Iran en ses senior SAVAK-offisiere, tesame met etlike vrygestelde CIA-dokumente, maak 'n belangrike primêre bron vir hierdie artikel uit.

Die bronne is uiteraard nie volledig nie en die beskikbare bronne dek ook nie alle temas of enige tema deurtastend nie. Daarby word aangeneem dat persoonlike mededinging, ongegronde beskuldigings, operasionele veiligheid, en politieke en ideologiese sensitiwiteite

ook by primêre bronne 'n rol kon gespeel het. Sorg is egter hier gedra dat beoordelings en gevolgtrekkings sover moontlik gestaaf word deur verskillende bronne of nie weerspreek word deur beskikbare bronne nie.

Die gedeeltelike en gefragmenteerde bronne wat vir navorsers in die openbare domein beskikbaar is, beteken dat die verbande en gevolgtrekkings hier voorlopig, beperk en in die toekoms vir hersiening vatbaar is.

4. 'n Kwesbare sjah

Vir meer as 2 000 jaar het ryke en koninkryke gefloreer in die gebied wat as Persië bekend gestaan het en tans Iran genoem word. Die laaste heerser van die Kadjar-dinastie (1789–1925), die jeugdige Ahmad Sjah Kadjar, kon nie binnelandse opstande en indringing deur Sowjet-Rusland en die Britse Ryk behoortlik die hoof bied nie. Teen 1920 het sy bewind baie beperkte mag buite die hoofstad Tehran geniet.

Reza Khan, 'n voormalige militêre bevelvoerder van die Kosakke-brigade, het die mag in 1921 in 'n bloedlose staatsgreep oorgeneem en is in 1925 as sjah Reza Pahlavi gekroon. Hy het op outokratiese wyse aansienlike veranderings in infrastruktuur, ekonomie en kultuur deurgevoer en verskeie binnelandse uitdagers en opstande onderdruk (Amanat 2017:446–93).

Iran was deurentyd onder die druk van sterker buitelandse magte, en in 1941 het Brittanje en die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke (USSR) Iran gelyktydig ingeval om Geallieerde toevoerlinies te beveilig en Iranse olievelde te verkry (Axworthy 2013: 24–5). Reza Sjah is gedwing om te abdikeer ten gunste van sy seun Mohammad Reza, wat as Mohammad Reza Pahlavi die tweede Pahlavi-monarg (1941–1979) geword het. Tensy anders aangedui, is laasgenoemde die sjah wat hierin bedoel word.

Tydens die besetting het die USSR Azeri- en Koerdiese separatiste-republieke help vestig en die pro-kommunistiese Tudeh-party gestig, wat ook onder die gefragmenteerde veiligheidsmagte sterk geheime netwerke gevorm het (Alavi-Kia 1983). Nadat die Sowjet- en die Britse magte hulle teen 1946 onttrek het, het die Verenigde State van Amerika (VSA) as 'n supermoondheid in die streek na vore getree.

In die 1940's en 1950's het Iran groter politieke pluralisme in 'n onstabiele hibriede stelsel met 'n swak monarg geniet (Amanat 2017:502–3). Groot dele van die bevolking was arm en meer as driekwart ongeletterd. Paaie en kommunikasiestelsels was sleg. Die prosesse waardeur die ekonomiese en politieke orde uit verskillende kultuurgroepe en streke met beperkte onderlinge verhoudinge gekonsolideer is, was nog aan die gang.

Die sjah was aanvanklik 'n kwesbare heerser wat van buitelandse Westerse steun afhanklik was. Sowat 40 nasionale families, 150 tot 200 provinsiale families, offisiere van die weermag en gendarmerie, en goewerneurs uit provinsiale families was baie invloedryk. In die tydperk 1941–53 is premiers dikwels verwissel. Die sjah is in Februarie 1949 byna in 'n sluipmoordaanval gedood en die voormalige premier en hofminister Abdol-Hossein Hazhir is in November 1949 doodgeskiet (Milani 2011:352–3; Rahnema 2021a).

In 1951 het die sjah Mohammad Mossadegh, die leier van 'n alliansie nasionaliste in die Nasionale Front, as premier aangestel. Mossadegh het die parlement se wetsvoorstel aanvaar om die oliesektor in Iran, wat voorheen deur die Brits-beheerde Anglo Iranian Oil Company beheer is, te nasionaliseer. Hy het baie bevolkingsteun gekry, maar toe het 'n magstryd oor bevoegdhede tussen die sjah en Mossadegh ontstaan (Kamrava 2022:107–12).

Die Amerikaanse CIA en Britse MI6 het daarop TP-Ajax, 'n operasie om Mossadegh omver te werp, uitgevoer. Iranse weermageenhede was verdeeld en die eerste poging op 15 Augustus 1953 het misluk. Die sjah het na Bagdad en toe na Rome gevlug. Weens improvisasie en die optrede van sekere Iranse weermageenhede, geestelikes en ander is Mossadegh op 19 Augustus wel suksesvol omvergewerp, waarop die sjah na Iran teruggekeer het (Gasiorowski 1991b).

Die 33-jarige sjah was nou selfs kwesbaarder. Ná die 1953-staatsgreep het hy nog meer agterdogtig geword oor moontlike komplotte deur interne uitdagers, maar ook deur die USSR, Brittanje en die VSA. Amerikaanse beleidsmakers het gehoop dat hy 'n konstitusionele monargie of magsdeling as sy basis vir oorlewing in die politieke orde sou najaag. Die sjah het sulke opsies egter nie vertrou nie (Laing 1977:193–5). Die sjah se beperkte beheer oor ander faksies en sy afhanklikheid van betroubare netwerke en bondgenote het vroeg reeds die neo-patrimoniale aard van sy bewind versterk.

5. Die vormingsfase van SAVAK

Nuwe veiligheidsdienste word dikwels opgerig op die fundamente van ander organisasies, met ervare personeel wat reeds elders netwerke gevestig en vaardighede opgebou het, of met vertrouelinge van die betrokke politieke leier. Reeds in die 1940's en 1950's het die sjah verskillende intelligensienetwerke onafhanklik aan hom laat rapporteer (Laing 1977:155). As besluitnemer was hy agterdogtig. Hy wou nie volledig afhanklik wees van een intelligensiediens wat hom kon mislei of omverwerp nie.

President Dwight Eisenhower het in 1953 in Amerika aan die bewind gekom. Sy bewind het die opbou van die Iranse regering se stabiliseringsvermoë beklemtoon. Kol. Stephen Meade het nou saamgewerk met die Iranse senior offisier Teymour Bakhtiar en sy personeel om 'n nuwe intelligensie-eenheid op te lei. Die grootste prestasie van die nuwe eenheid was toe dit in September 1954 'n aansienlike netwerk van die pro-Sowjet- Tudeh-party in die weermag geïdentifiseer en afgetakel het (Gasiorowski 1991a:118; Fardoust 1999:217).

Die uitsprake van Amerikaanse en Iranse veiligheidsbeamptes dui op twee maniere waarop SAVAK ontstaan het. Volgens Ernest Oney en Richard Helms het die CIA op versoek van die sjah na 'n besoek aan Washington betrokke geraak (Oney 1991; Helms 1985). Die presiese datum van die besoek word nie genoem nie. Die sjah se eerste drie besoeke aan die VSA was egter in 1949, 1954 en 1958, sodat die betrokke besoek waarskynlik die informele besoek op 13–15 Desember 1954 was (Office of the Historian s.j.). In Maart 1955 is Meade vervang deur 'n span van vyf kundiges van die CIA (Gasiorowski 1991b).

Die amptelike stigtingsdatum van SAVAK word meermale aangegee as die datum van die magtigende wet se inwerkingtreding in 1957. Dit was egter waarskynlik 'n mylpaal in 'n proses om 'n mag saam te stel wat reeds teen 1956 operasioneel was (Alavi-Kia 1983; Hiro 2006:98).

Volgens hierdie weergawe, sou SAVAK aanvanklik net buitelandse intelligensie hanteer. Hassan Alavi-Kia, 'n vroeë senior offisier van SAVAK, noem dat die aanvanklike wet waarby SAVAK ingestel is net intelligensie en vroeë waarskuwing voorsien het en geen uitvoerende bevoegdheids verleen het nie (Alavi-Kia 1983:40–1).

Daar is egter ook tekens dat die hoofmerk by SAVAK se stigting was om buitelandse en binnelandse ondermyning te voorkom en Iran se vermoëns rakende binnelandse veiligheid en teenspioenasië te versterk. Die Amerikaanse ambassade het in 1955 gerapporteer dat die Iranse regering aangemoedig moet word om sulke vermoëns op te bou (Rahnema 2021:85). Alavi-Kia noem dat dit die Amerikaanse en Britse magte se idee was om binnelandse veiligheid by te voeg (Alavi-Kia 1983:20,35). Oney (1991:51) noem dat hierdie uitbreiding om binnelandse veiligheid in te sluit die sjah se versoek was, omdat hy moeg was daarvoor dat elkeen met inligting van wisselende waarde na hom kom. Volgens Fardoust, was die beeld dat Iran nie 'n uitgebreide buitelandse intelligensievermoë benodig nie, omdat die VSA dit kon verskaf (Fardoust 1999:260).

Die sjah het 'n baie sterk belangstelling in SAVAK gehad en self die hoofde daarvan aangestel en ontslaan (Oney 1991). SAVAK se vier hoofde het almal uit die geledere van die sjah se Imperiale Garde (*gard-e sjahansjahi*) en uit G2 (militêre intelligensie) gekom. Teymour Bakhtiar was die eerste hoof van SAVAK (1956–61). Hassan Pakravan, die tweede hoof (1961–65), wat aanvanklik as Bakhtiar se adjunk gedien het, en Nematollah Nasser, die derde hoof (1965–78), was almal dekades lank persoonlike kennisse van die sjah. Pakravan en Nasser was in die 1940's ook lede van 'n geheime pro-sjah-netwerk in die weermag (Milani 2011:122–3).

Binne SAVAK was Hossein Fardoust, 'n jeugvriend van die sjah, lank die onderhoof van SAVAK en later die hoof van die Spesiale Intelligensieburo in SAVAK, wat ook sy eie kanale en netwerke in stand gehou het. Nasser Moghaddam, die laaste hoof van SAVAK (1978–1979), was nie 'n persoonlike kennis van die sjah nie, maar 'n beskermeling van Fardoust.

Aanvanklik is 'n afdeling vir militêre intelligensie in die weermag en die afdeling van die veiligheidspolisie binne die groter polisiemag in SAVAK opgeneem. Daar was kontak en samewerking tussen SAVAK en G2, en hulle het soms opleidingsmateriaal gedeel (Fardoust 1999:265). Beide se hoofde het egter direkte toegang tot die sjah gehad en hulle het mededingers om bronne en status gebly. Militêre inligtingsoffisiere wat na SAVAK gegaan het, het weens die hoër invloed en status daarvan in die 1960's meestal verkies om in SAVAK te bly eerder as om teruggeplaas te word (Oney 1991:88–9).

Aanvanklik het die Amerikaners 'n sleutelrol in SAVAK se opleiding gespeel (Gasirowski 1991b). Die Britse intelligensiediens het kursusse in die werwing en hantering van agente gegee (Alavi-Kia 1983:27). Omstreeks 1962–64 het die CIA grotendeels net skakeling met SAVAK gehandhaaf, want SAVAK kon die meeste sake self behartig (Oney 1991:49–51). Waar SAVAK daarna nog hulp verlang het, het Israel se Instituut vir Intelligensie en Spesiale Operasies (in Hebreeus *ha-Mosad le-Modi'in u-le-Tafkidim Meyuhadim* of MOSSAD) prominenter geword (Milani 2011:244; Fardoust 1999).

Gratian Yatsevich, die CIA-stasiehoof in Iran in die 1950's en vroeë-1960's, het SAVAK tydens sy eerste fase as een van die beste organisasies van die bewind bestempel. Die senior leierskap is deeglik gekeur, en dit kon mense uit die room van die offisiërs- en diplomatieke

korps aanstel. Bakhtiar en Pakravan het 'n relatief nuwe benadering in Iran gevolg deur ook sekere talentvolle afgestudeerde burgerlikes met ervaring vir SAVAK te werf. Hierdie middelvlakamptenare het intellektueel onafhanklike mense ingesluit wat die sjah se swakhede kon herken, maar lojaal hulle diens verrig het. Die ekonoom Alimaghi Alikhani en die juris Parviz Sabeti tel onder diesulkes (Yatsevich 1989).

SAVAK het aanvanklik uit sowat 150 personeellede bestaan. Mettertyd het dit tot etlike duisende lede gegroei. Die presiese getal het in onderhoude met die sjah en andere gewissel tussen 2 000 en 3 000, maar was volgens Sabeti teen die einde in 1979 sowat 5 000 (Fardoust 1999:228; Milani 2011:572).

6. Faksies in veiligheidsmagte konsolideer

Die weermag en verskillende veiligheidsmagte het in die 1940's en 1950's netwerke en geheime groepe omvat wat vir die sjah of teen hom gekant was. In die staatsgreep teen Mossadegh in 1953 was die verskillende kampe só verdeel dat hulle onseker was wie vir wie in watter mate sou steun (Goelz 2016:130–1). Dit het die staatsgreep laat slaag, maar ook die sjah se posisie daarna steeds kwesbaar gelaat.

Die opkoms van Gamal Abdel Nasser (1954–70) in Egipte en sy Sowjet-steun het die sjah baie bekommer. Die Nasser-bewind het anti-monargistiese groepe in die streek se Arabiese monargieë ondersteun. Die monargie in die buurstaat Irak is in Julie 1958 deur brigadier Abd al-Karim Qasim in 'n gewelddadige staatsgreep omvergewerp en koning Faisal II en sy familielede is tereggestel, wat die sjah sigbaar geskok het (Yatsevich 1989).

Die sjah het middel-1958 beveel dat SAVAK sy offisiere ondersoek om 'n Qasim-tipe staatsgreep te voorkom (CIA 1958). In Oktober 1958 het die weermaghoof in die buurstaat Pakistan, generaal Ayub Khan, president Iskander Mirza omvergewerp. In Mei 1960 het die weermag in die buurstaat Turkye premier Adnan Menderes in 'n staatsgreep omvergewerp.

Die CIA het in Junie 1960 geoordeel dat die toestande in Iran wat bevorderlik vir 'n staatsgreep was reeds verskeie jare lank bestaan het, maar dat regeringsmonitering en die gebrek aan 'n gemeenskaplike doel tussen opposisie-groepe beweging voorkom het (CIA 1960b). Senior offisiere het 'n belang by die status quo gehad. Volgens Yatsevich het die sjah die risiko van 'n staatsgreep oordryf en was die offisierskorps basies lojaal (Yatsevich 1989:41). Daar was egter minstens drie opmerklike uitsonderings tydens 'n regeringskrisis in 1961, maar dit was die VSA eerder as SAVAK wat dit in die kiem gesmoor het.

Die CIA het genl. Hajj-Ali Kiya se voorstel om met hulle steun 'n staatsgreep uit te voer van die hand gewys (Wilcocks 2015:61). Valiollah Qarani, hoof van die militêre intelligensiediens G2, het weens elitekorruptsie toenemend krities teenoor die sjah geword. Hy is in 1958 gearresteer, daarvan beskuldig dat hy 'n staatsgreep beplan het en tot drie jaar gevangenisstraf gevonnis (Gasirowski 1993).

In Augustus 1960 het die SAVAK-hoof Bakhtiar twee keer sy bedanking aangebied. Hy het gedink dat die sjah en sy premier, Manouchehr Eqbal, se manipulerings van verkiesings tot onrus sou lei en die sjah sou vlug as hy die omvang daarvan sien (CIA 1960c). Bakhtiar het in

Mei 1961 aan die CIA voorgestel dat hulle hom steun as hy die sjah se volgende premier Ali Amini probeer vervang (CIA 1961). Sy voorstel is egter aan die sjah oorgedra, wat Bakhtiar afgedank het. Bakhtiar self het na die buiteland gevlug en het later met teenstanders van die sjah kontak gemaak.

Terselfdertyd het die sjah die kans gebruik om die weermag se opperstaafhoof, die hoof van G2 en die hoof van polisie af te dank. Almal wat hulle vervang het was minder onafhanklike of minder kragdadige figure (Yatsevich 1989). Dit het 'n patroon geword dat die sjah geen ander persoon of instelling toegelaat het om soveel mag te verkry dat hy 'n uitdager kon word nie. Hy het ook onder sy senior amptenare en die politieke elite verdeel-en-heers-metodes gebruik. Hy het byvoorbeeld sy vertroueling Nasserri as hoof van SAVAK benoem, maar nog 'n vertroueling, Fardoust, as 'n teenwig vir Nasserri en aparte inligtingskanaal binne SAVAK laat optree (Qadar 1968:64; Fardoust 1999:206).

Die weermag kon selfs teen hierdie tyd nog nie oral in Iran 'n geweldsmonopolie handhaaf nie. Tydens 'n konfrontasie tussen invloedryke bende- en gemeenskapsleiers enersyds en die weermag andersyds in die armer suide van Tehran in 1960, het die sjah nog die weermag versoek om terug te staan omdat hy nie seker was dat hulle sterk genoeg was nie (Goelz 2016:206). Later het Nasserri as militêre hoof in Tehran op van die bendeleiers toegeslaan en daarmee die regime se oppermag in Tehran gevestig.

Die CIA het in die tydperk 1957–61 nog geoordeel dat ander figure in die stelsel magtig genoeg sou wees om die sjah tot 'n posisie van magsdeling of tot 'n konstitusionele monargie te verskuif (CIA 1957). Die sjah was nog nie oppermagtig nie, maar SAVAK se opgeboude vermoë het hom wel 'n mededingingsmag in die interne faksiestryd gegee wat geen mededinger kon ewenaar nie. SAVAK se spioenasie op en vervolging van teenstanders van die sjah het voorkom dat alternatiewe magsentra kon groei. By die onderdrukking van demonstrasies in 1963 is die vorige verdelings en twyfel voldoende hokgeslaan en het die veiligheidsmagte as geheel die sjah gehoorsaam. Die konsolidasie van Mohammad Reza se beheer oor die weermag en die politieke orde het dus vanaf 1953 tot 1963 geduur (Goelz 2016:214). SAVAK het 'n sleutelrol gespeel in die regime se vorming.

7. Politieke ordening en skikkings

Reza Khan het sy magsbasis gebou op drie pilare: die weermag, 'n uitgebreide administrasie en patронаatskap beheer deur sy hofhouding. Sy seun het hierdie drie steunpunte gebruik, maar meer klem op die administrasie geplaas en naas die weermag ook SAVAK geskep.

Die sjah se Wit Rewolusie in die 1960's was 'n ambisieuse program wat sy eie visie en leerervarings met politieke teenstanders soos Mossadegh weerspieël het. Die Rewolusie was daarop gerig om Iran sosio-ekonomies te herorden, en industrialisering en minder afhanklikheid van energiebronne mee te bring. Grondhervorming moes kommersiële boerdery en meganisering bevorder, en arbeid en kapitaal wat voorheen aan grond gekoppel was vir industrialisering vrymaak. Die Wit Rewolusie, wat van die kommunistiese groepe se rooi simbole en die geestelikes se swart simbole verskil het, het deur nuwe korpse ook beter opvoeding en gesondheidstelsels uitgedra (Harris 2017:64–6). Die Rewolusie is later die Sjah-Volk-Rewolusie genoem en het ook gedien as 'n direkte legitimering van die monargie.

Die sentrum van SAVAK se verskillende afdelings was in Tehran. Die Wit Rewolusie se grondbeleid en industrialisering het vir die goewerneurs en plaaslike groot grondbesitters, stamhoofde en elites 'n nuwe magsveld geskep, wat die sentralisering van mag in Tehran versterk het. Afhangende van die bevolkingsgetalle in 'n provinsie, is SAVAK-offisiere ook in provinsiale hoofstede geplaas (Fardoust 1999:260–1). Soms het 'n goewerneur op SAVAK staatgemaak vir advies en optrede, soms nie.

Buitelandse moondhede wat Iran wou verswak of inval het hulle dikwels eerste na die nomadiese stamme gewend, weens hulle organisasie, gevegsvaardighede en die kans om hulle leiers teen 'n sentrale regering te beïnvloed (Hashemi 1985). Die nomadiese stamme se gebiede en lewensonderhoud is ontwig deur die sjah se grondhervormings. Soms het die nomades fisies in 'n gebied oorheers, en soms het SAVAK en ander veiligheidsagentskappe hulle vir verdedigingsdoeleindes as subkontraakteurs benut en van wapens voorsien (Alavi-Kia 1983:154–6). SAVAK het die hoofde van stamme en nomadegroepe beïnvloed om nie onwettige aktiwiteite te magtig nie (Hashemi 1985:1–2).

Na gelang die mag van die bewind in Tehran toegeneem het, het die nomades se mag afgeneem. Onder Bakhtiar en Pakravan het SAVAK soms die geestelikes gehelp, byvoorbeeld met bystand vir die gadj-pelgrimstogte na Mekka of Karbala of met vrystelling van diensplig. Hulle het gildes met werk gehelp, en etniese en godsdienstige minderhede en stamhoofde gehelp met geld en paspoorte (Hashemi 1985:1–2).

Onder Pakravan se leiding het 'n groep geleerdes boonop as 'n informele dinkskrum vir SAVAK oor politieke en veiligheidskwessies gedink (Milani 2011:312). Die informele aard daarvan en gebrek aan openbare bronne beteken dat die invloed daarvan nie deeglik beoordeel kan word nie. Pakravan was egter lank na sy tydperk as SAVAK-hoof nog steeds 'n invloedryke adviseur aan die sy van die Sjah, byvoorbeeld tydens die besluit om premier Amir Hoveyda in November 1978 te arresteer (Milani 2009:297–8).

Die Wit Rewolusie is in 1963 in 'n redelik gemanipuleerde referendum deur 'n grootliks ongeletterde bevolking goedgekeur. Dit het meer vroue bemagtig en die stamme en dorpbesture se outonomie en sommige grondbesitters en geestelikes se bronne van inkomste ingeperk, wat hulle dikwels opponente van die sjah gemaak het. Tussen 1961 en 1963 het proteste deur studente, handelaars en geestelikes naas stamopstande uitgebreek, ook oor die gemanipuleerde verkiesings in 1956, 1960 en 1961 (US State Department 1980).

In 1963 het 'n groot opstand ontstaan weens maatreëls teen Ruhollah Khomeini en ander geestelikes. Die intensiteit en goeie organisasie van die opstande in 1963–64 het SAVAK verras (Oney 1986:64–6; Qadar 1968:164). Khomeini het volgens CIA-argiewe die Nasionale Front as opposisiegroep genader om saam te werk in 'n staatsgreep teen die sjah, maar die CIA het die staatsgreep voorkom (Wilcocks 2015:62). Pakravan het as SAVAK-hoof egter nie 'n hofvonnis, wat Khomeini ter dood veroordeel het, laat uitvoer nie en sy bannelingskap gesteun.

Pakravan het 'n oplossing vir die onrus gesien in 'n politieke skikking met regimekritici en gematigde geestelikes as deel van die Wit Rewolusie. Die sjah het Pakravan se insig oor die rol van die geestelikes nie opgevolg nie. Hy was bang dat Pakravan se benadering die situasie sou vererger. Nasseris is toegelaat om met behulp van die weermag die opstandelinge te onderdruk (Goelz 2016:214; Fardoust 1999:230).

Teen 1964 het SAVAK wel 'n ander *modus operandi* gevolg. Dit het probeer om enige betogings te keer voordat hulle plaasvind, en deur beplanning en kanalisering die vorming van groot skares te verhoed. Op hierdie manier wou SAVAK verhoed dat dit nodig word om soldate in te roep en wou dit 'n hardhandige reaksie vermy. Vir byna 'n dekade daarna was daar geen suksesvolle groot betogings nie (Oney 1989:68–9, 83).

SAVAK het vanaf sy stigting tot 1963 gegroei tot een van die sjah se vernaamste instrumente wat voldoende beheer oor die hoofstad Tehran kon verseker en groter sentralisering in die bestel kon bevorder. Tydens die onluste van 1963 was die Boier Ahmadi die laaste stam wat nog onder die regime se beheer gebring is (Amanat 2017:597; Helms 1985). SAVAK het veral onder Bakhtiar en Pakravan 'n belangrike rol gespeel om belangrike stamleiers en invloedryke geestelikes by nuwe plaaslike politieke skikkings met die regime te betrek. SAVAK het sodoende regimevorming en staatsbou in Iran bevorder.

8. Patronaatpolitiek deur die burokrasie en partye

Voor en tydens die bewind van die Pahlavi-dinastie was daar in Iran noemenswaardige militêre offisiere, administratiewe amptenare en eiendomsbesitters, maar die samestelling van sulke groepe sou dikwels nie vir meer as een of twee generasies dieselfde wees nie. Mense het verwag dat eiendom en maatskaplike posisies nie outomaties geslagte lank aan hulle gekoppel sou wees nie (Katouzian 2010:4). Dit, en wisselende verpligtinge teenoor neo-patrimoniale netwerke binne die burokratiese fasade, het korrupsie aangespoor (Kamrava 2022:114, 147).

Ministeries se beleidmaking is gekenmerk deur onvoorspelbare besluitneming. Nuwe inisiatiewe is skielik geneem, met ewe skielike stopsetting of drastiese koerswysigings. Administrasie is gekenmerk deur duplisering, verwarring, vermyding van verantwoordelikheid en 'n gebrek aan koördinerende en samewerking tussen ministeries (Schayegh 2009:3).

Dit was “'n oerwoud van persoonlike intrige en frustrasie”, met baie hoofde en min amptenare om die werk te doen. Persoonlike bande en vergoedings was dikwels nodig om iets gedoen te kry (Wilcocks 2015:119). Nasserri het SAVAK soms gebruik in sulke en ander gevegte tussen faksies in elitegroepe. Met sy steun en dié van die sjah se invloedryke hofminister Asadollah Alam, is 'n boek van Ismail Ra'in oor Vrymesselary in 1968 gepubliseer. Weens die vermeende verband in Iran tussen Vrymesselary en gediensdigheid aan die Britte kon die boek etlike lede van die elite, ook premier Hoveyda, 'n teenstander van Nasserri en Alam, in die verleentheid bring (Milani 2009:216).

Tydens die sjah se eerste bewindsjare (1941–1953) was partye dikwels bloot die mondstukke vir die prominentste families in die elite. Buitelandse intelligensiedienste het medewerkers binne die partye gewerf (Gasirowski 1991b). Na die staatsgreep in 1953 was die parlement grootliks 'n rubberstempel vir die sjah as magtigste besluitnemer. Terwyl partye in 'n demokrasie veral op 'n bevolking gerig is, het die sjah twee politieke partye as 'n ekstra steunpunt en patronaatorganisasie onder die elite en opkomende middelklas gestig. Die opposisieparty, Mardom, en die hoofparty, Novin Iran, se leiers was vertroueling van die sjah. Die bevolking het daarna verwys as onderskeidelik die “Ja meneer”-party en die “Ja, natuurlik meneer”-party (Abrahamian 2008:130).

Die CIA het destyds bevind dat die vloeibare politieke toneel in Iran om persoonlikhede en klieks gewentel het, nie om formele verenigings en instellings nie. Partye, kabinette en parlemente was bloot die verhoog waarop hierdie klieks in wisselwerking verkeer het (CIA 1975b). Voor verkiesings het SAVAK met provinsiale goewerneurs vergader om konflik voor, tydens of na verkiesings te voorkom. SAVAK het in die verkiesings van 1960, 1961 en 1963 ingemeng, maar die sjah het later beveel dat dit nie weer inmeng nie (Hashemi 1985). Novin, onder leiding van premier Hoveyda, het tot in die 1970's alle verkiesings gewen.

Ná die stigting van SAVAK was die belangrikste taak van sy afdeling III (binnelandse veiligheid) om die grootste werklike of vermeende teenstanders te identifiseer (Fardoust 1999: 240–1). Tudeh, die grootste kommunistiese party in die Midde-Ooste, was 'n hoofteiken, ook weens hulle Sowjet-bande. SAVAK het daarby op die Nasionale Front en opposisiegesinde parlamentslede, stamme, separatistiese groepe in Koerdistan, Khoezestan en Azerbaidjan, nuwe partye, anti-regime-figure en pan-Iranse nasionaliste gespioeneer. Dit het periodiek aktiviste in hierdie groepe gearresteer, soms in direkte opdrag van die sjah (CIA 1957b).

SAVAK het 'n uitgebreide netwerk van informante in ministeries, regeringsorganisasies, universiteite, die radio- en televisiewese, koerante, intellektuele byeenkomste, die religieuse leiers, arbeidersorganisasies, gildes en handelaarsnetwerke in stand gehou (Hashemi 1985:13). Die sjah het op grond van SAVAK se verslae soms die publiek se griewe aangepak.

Die sjah het in 1975 sonder konsultasie met SAVAK onverwags Rastakhiz tot die enigste wettige party verklaar (Milani 2011:382). Dit was moontlik 'n toets om nuwe steunsegmente in te bind en hulle partylidmaatskap as voorwaarde vir baie poste te stel. SAVAK het soos voorheen die verkiesingskandidate gekeur, maar gewilde kandidate toegelaat om voort te gaan.

Volgens 'n CIA-evaluasiedokument in 1973 het die sjah op SAVAK staatgemaak, nie net om strategie te ontwerp om die opposisie te neutraliseer nie, maar om politieke steun vir die regering te organiseer (CIA 1973:16; Ansari 1998:268–9). In Januarie 1978, toe openbare protes teen die sjah al hewig was, het SAVAK en Rastakhiz steeds mense vir pro-sjah-byeenkomste gemobiliseer (Rahnema 2023:349–50).

Vir al die ontwikkelingsprojekte het die sjah te min vertroude mense en instellings gehad aan wie hy gesag kon deleger of wat doeltreffend kon bestuur (Yatsevich 1989:140–1; Bolster 1989:190). Dit het die regime se afhanklikheid van die sjah se besluitneming en die rol van SAVAK as oplosser van probleme in die stelsel en in plaaslike gemeenskappe versterk.

9. Elitekorrupsie en beheer oor die elite

Die sjah se ekonomiese en kulturele hervormings het in plattelandse en stedelike gebiede nuwe dilemmas vir SAVAK geskep. Onder die kleinboere en middelklas was ontspanne houdings oor opiumgebruik heel algemeen. Die gebruik van opiate was vir dekades in Iran verbonde met ontspanning, apteke en selfbehandeling. Uiteindelik het die beeld onder die hoër stand posgevat dat dit iets agterliks was in Iran of 'n gevaar vir mense se gesondheid ingehou het (Regavim 2012).

SAVAK moes egter hieroor 'n balanseertoertjie uitvoer. Die tradisionele gebruik van mediese opiate het voortgeduur, ook by iemand soos Pakravan (Milani 2011:573). Die bewind se beleid het ondergeskikte groepe soos bordele en stamme op die opium-smokkelroetes geteiken, eerder as die internasionale dwelmnatwerke wat oral in Iran aktief was. Weens die hoër pryse en beskikbaarheid in stedelike gebiede, was die gebruik van heroïen tot die einde van die Pahlavi-tydperk hoofsaaklik 'n tydverdryf onder sommige lede van die elite.

Die sjah se een suster, Ashraf, is in 1961 in Genève met 'n besending dwelms gevang. Een broer, Hamid-Reza Pahlavi, het so berug geword vir sy rol in dwelmsmokkelary dat die beste heroïen in die 1960's in Tehran bekend was as *heroin-e hamid-reza*. SAVAK het wel verslag gedoen oor sy hoofkwartier in Takht-e Jamshid, wat lugvaartmaatskappye gebruik het om opium van die buiteland na Iran te bring vir verwerking tot heroïen (Ghiabi 2019:62). Die staatsapparaat in Iran het sy dwelmnatwerke strenger gemaak en sy dwelmbekampingsstrategie gemilitariseer. SAVAK kon sy intelligensienatwerke deur samewerking met die VSA oor dwelmbekampings ook versterk.

Veral in die 1970's, weens die hoë verdienste uit energieverkope en burokratiese ontwikkelings, het die sjah groot en gedwonge ontwikkeling in Iran aangevuur. Die sjah kon egter nie groepe onder die handelaars, geestelikes en grondbesitters wie se belange daardeur benadeel is aan hom bind nie. Die voortgesette en soms hardhandige uitsluiting van veral twee groepe uit die politieke en ekonomiese binnekring was ook opmerklik. Hulle was die geïndustrialiseerde werkers wat uit die platteland na die stede gestroom het en die nuwe middelklas.

Hierdie groepe kon nie deur gemanipuleerde partye en verkiesings 'n invloed op die sjah se politieke beleid uitoefen of toegang tot die beperkte binnekring verkry nie. Uitsluiting, korrupsie in die sjah se familie en hofhouding, en te snelle kulturele en ander veranderinge het baie van hulle tot politieke apatie of teenstand beweeg. Wanneer hulle te krities oor die sjah se regime was, is hulle besware met sensuur, intimidasie of vervolging beantwoord (Kamrava 2022:146–8; Rahnema 2021a).

Sabeti was krities oor korrupsie onder die elite en in die koninklike familie, ook omdat hy dit as 'n bedreiging vir stabiliteit beskou het (Qane'ifard 2012:548). Hy het baie verslae daarvoor aan die sjah gestuur. Fardoust, wat in beheer van finansies en administrasie by SAVAK was, het die sjah oor korrupsie ingelig (Qadar 1986:62). Nasserri daarenteen het korrupsiebestryding nie as deel van SAVAK se fokus beskou nie, net die direkte bekampings van vyande.

Die sjah het soos sy vader en voorganger opgetree in 'n neopatrimoniale politieke orde. Sy patronaatskap is gebruik om die steun van die weermag, burokrasie en hofhouding te verseker. Terselfdertyd, volgens die CIA, was selektiewe kanse vir selfverryking en korrupsie veral 'n metode vir die sjah om magtige amptenare, offisiere en politici in 'n kwesbare posisie te kry en dan onder sy beheer te hou (Yatsevich 1989:48). Anti-korrupsieveldtogte en hofsake is net selektief gebruik om politieke teenstanders of persone wat in onguns verval het te vervolg.

SAVAK self het nie aan die sjah se benadering ontkom nie. Bakhtiar word geskets as iemand wat teen 1960 weens omkoopgeld, geskenke en bedekte vennootskappe 'n ryk man was (Milani 2011:432; Fardoust 1999:228–9). Pakravan word nie as korrup beskou nie. Sowel Alavi-Kia as Qadar skets Nasserri as aanvanklik nie korrup nie, maar as iemand wat uitgelok is en weens sy tweede vrou se spandabelrigheid al hoe dieper by eiendomstransaksies betrokke geraak het. Daar was periodiek ontevredenheid weens nepotisme en die voorttrekkery van sommiges in

SAVAK (Alavi-Kia 1983:146, 153; Qadar 1986:65). Toe Fardoust SAVAK in 1972 verlaat, was daar volgens hom geen teenwig vir Nasserri nie en het die korrupsie sterk toegeneem. Sabeti beskryf weer korrupsie as 'n kwessie wat 'n klein minderheid van sowat 25 persone betrek het (Qane'ifard 2012:604).

10. Beheer oor die bevolking

Hardhandige ondervraging en marteling was onder die metodes wat deur die eeue heen in verskillende regimes in Iran gebruik is om vrees in te boesem en 'n bewind se beheer oor moontlike opponente te verseker. Reeds tydens Bakhtiar se tydperk as SAVAK-hoof (1956–61) het voorvalle van marteling van verdagte en werklike staatsgreep-beplanners, sluipmoordenaars en insurgente plaasgevind (Fardoust 1999:270; Milani 2011:222).

Na die afdanking van Bakhtiar in 1961 het Pakravan as SAVAK-hoof oorgeneem. Pakravan was volgens sy tydgenote meer gerig op die buitelandse intelligensiediens en iemand met 'n aristokratiese houding en meegevoel (Milani 2011:271). Hy het dit soms moeilik gevind om van die take rakende interne polisiëring en onderdrukking te magtig (Yatsevich 1989:71–2). Hy het ook met streng riglyne die gebruik van marteling teen binnelandse politieke aktiviste probeer uitroei.

Pakravan is in 1965 as SAVAK se hoof afgedank. Sommiges koppel dit daaraan dat die sjah gedink het sy diplomasiëgerigte advies oor die opstande in 1963 was verkeerd. Die afdanking het egter gevolg nadat SAVAK nie die sluipmoord op premier Hassan Ali Mansur in Januarie 1965 voorkom het nie. Pakravan het daarna vir die sjah vertrouensposisies bly beklee.

Nasserri, van 1965 tot 1978 die langsdienende hoof van SAVAK, was 'n jeugvriend van die sjah. Etlike van sy portuurgroep het hom as lojaal maar minder intelligent beskryf (Hashemi 1985; Qadar 1986). Anders as die intelligensiegerigte benadering van Pakravan was Nasserri se benadering dié van 'n beampste van die geheime polisie wat binnelandse politieke teenstanders deur howe of hardhandige aksies wou neutraliseer.

Na die eerste aanval by Siakhel in 1969 het jeugdige rebellegroepe met Marxistiese sienings 'n verskeidenheid van guerrilla- en terroristemetodes gebruik om die sjah se regime aan te val. Baie van hulle het gemeen ander roetes van politieke protes was nutteloos en wou 'n opstand van die bevolking teweegbring (Rahnema 2021b:282–3). Bomme, ook tydens die Amerikaanse president Richard Nixon se besoek aan Tehran in 1972, aanvalle op die polisie, sluipmoorde, bankroete en skietgevegte met SAVAK was 'n onderdeel daarvan. Die sjah het aangevoer dat marteling nie nodig was nie, omdat die regime enigeeen se reg om te werk beheer het (Sale 1977).

Die gebruik van marteling het egter teen 1972 'n wyer en sistematiese onderdeel van SAVAK se afdeling vir binnelandse veiligheid geword (CIA 1975a; CIA 1977). Volgens Fardoust was daar drie redes hiervoor. Senior offisiere wat 'n teenwig hierteen gebied het, het vertrek. Die teenterreurhoof Sabeti was ambisieus om vinniger resultate tydens terreurondersoeke te kry. Die grootste rede was dat die ondervraer ter afskrikking van andere die ondervraagde wou breek en vrees onder die wyer bevolking saai. Etlike senior SAVAK-offisiere, veral in die buitelandse intelligensie-afdeling, het nie sulke metodes goedgekeur nie en gekla dat 'n minderheid vrot appels se gedrag en gerugte daaroor hulle professionele werk oorskadu het (Fardoust 1999:269; Hashemi 1985; Qadar 1986:146, 149).

Mense in Iran het in die Nasser-tydperk reeds oor SAVAK gepraat asof die instelling alwetend was, alles beheer het en oral vriende en helpers kon benut. Sabeti en andere het hierdie onakkurate beeld ook gekultiveer (Sale 1977). Dit moes vir SAVAK se werklike beperkings vergoed. Met 3 500 tot 5 000 SAVAK-lede en 'n bevolking van 36 miljoen in 'n uitgestrekte gebied, was daar naastenby een SAVAK-lid vir elke 7 200 inwoners, sowat 0,013% van die bevolking. Etlike afdelings van SAVAK was ook nog gemoeid met administrasie en finansies, buitelandse veiligheid, opleiding en die verwerking van inligting. SAVAK het binnelands in 'n bevolking van 36 miljoen sowat 20 000 deeltydse informante gebruik. Sommiges het ook op grond van vriendskap of vrywillig met SAVAK saamgewerk (Alavi-Kia 1983).

SAVAK het mettertyd deur vrees in te boesem die depolitisering van die nuwe tegnokratiese lui en die middelklas bevorder en politieke mobilisasie teen die sjah probeer verhoed (Bolster 1988:198–9). Amerikaanse diplomate en CIA-beamptes self het Iran as 'n ondoeltreffende outokrasie beskryf. Die *dohre*, die groep of groepe vriende, familie en bekendes met die een of ander gemeenskaplike band, was die vernaamste manier om inligting te bekom en te deel. Mense kon heelwat kritiek in hulle vriendekringe uitspreek maar nie enigiets polities daarentrent doen nie.

Allegorieë en klassieke gedigte is gebruik om deur lae van simboliek onregstreeks standpunte uit te druk, 'n diepgewortelde dekadellange praktyk in Iran. Dit het die spreker ook die kans gegee om 'n stelling met politieke betekenis te ontken deur byvoorbeeld te noem dat hy bloot 'n versreël van 'n klassieke Persiese digter mooi gevind het (Bolster 1988). Hierdie ruimtes, soos sekere satiriese tydskrifte met 'n beperkte oplaag wat toegelaat is, het mense toegelaat om binne perke stoom af te blaas.

11. Ideologiese kragveld

Die Persiese koning Darius I (522–486 VAJ) het 2 500 jaar gelede homself in die rotsinskripsies van Naqsh-e Rostam bekendgestel as “'n koning van konings, seun van Hystaspes, 'n Achaemenied, 'n Pers, die seun van 'n Pers, 'n Ariër, van Ariese afstamming” (Shahbazi 2012). Die term *Ariër* was 'n selfbeskrywing wat 'n etniese verwantskap aangedui het. Die term en soortgelyke uitdrukkings het ook verskyn in ander antieke Persiese en Indiese inskripsies en tekste, veral die Avesta van Zoroaster en Vediese tekste.

Die eerste Pahlavi-heerser, Reza Sjah, se legitimiteit was aanvanklik omstrede. Hy het die kwessie ten dele hanteer deur elemente uit die voor-Islamitiese Persiese ryke en dinastieë, Iranse nasionalisme en moderniseringsdenke in 'n halfbeheerde en multikulturele land te kombineer. Reza Sjah het in 1935 gelas dat Persië as benaming vir die land vervang word deur die naam Iran, wat “land van die Ariërs” beteken en reeds deur die Sassaniede-dinastie in die 3de eeu AJ gebruik is (Amanat 2017:468–75).

Die Asië-sentriese kulturele identiteit het 'n brug verskaf na maar ook verskil van sommige Europese denkers, wat sedert die 19de eeu Ariese identiteit as 'n kulturele en later biologiese Eurosentryse identiteit uitgedra het. Iran het dus in die 1930's byvoorbeeld beswaar gemaak teen die Duitse bewind van Adolf Hitler se klassifisering van Iranse burgers as nie-Aries en sulke burgers, ook Iranse Jode, is in 1936 per Duitse dekreet uitgesluit van die Neurenbergse rassewette (Rafi 2016:48–57).

Na die Tweede Wêreldoorlog was sulke Ariese identiteitspolitiek totaal gediskrediteer in Westerse state. In Iran was hierdie Ariese identiteitspolitiek egter Asië-sentries, gerig teen kommunisme en Arabiese invloed binne en buite Iran, en gekoppel aan die voor-Islamitiese Persiese beskawing. Die identiteitspolitiek was veral gerig op 'n oorkoepelende identiteit vir die multikulturele bevolking (Amanat 2017:408).

Intellektuele en regeringspropagandiste in Iran het onder beide Pahlavi-heersers voortgeborduur op 'n "Ariese en Neo-Achaemeniede nasionalisme" (Bausani 1975:43–57). Mohammed Reza Pahlavi het sy gesag oor die bevolking probeer versterk in wisselwerking met historiese herinneringe, tydgenootlike identiteite en die hiërargiese politieke tradisie in Iran en homself die titel "Koning van die konings, lig van die Ariërs" (*Shahanshah Aryamehr*) gegee (Kamravi 2022:116). "Ons is 'n Asiatiese Ariese mag wie se mentaliteit en filosofie na aan dié van Europese state is, veral Frankryk," het hy aangevoer (Zia-Ebrahimi 2016).

Sulke denkbeelde het aangesluit by die ervarings van die sjah en etlike prominente politieke en militêre leiers in Iran, wat aan Franstalige instellings in Europa en die Midde-Ooste opgevoed is. Daaronder was senior SAVAK-offisiere soos Bakhtiar, Pakravan en Fardoust. Die Faravahar-simbool van die voor-Islamitiese profeet Zoroaster, die Pahlavi-kroon en die sonsimbool wat histories met Persiese koningskap verbind word, was alles deel van die SAVAK-logo. As mens Iraniërs self vra, het Sabeti later genoem, sal miljoene sê dat hulle Zoroastriane wil wees (Qane'ifard 2012:588).

Aanvanklik het die sjah soos sy pa snelle modernisering en Westerse wetenskap en tegnologie bevorder. Later het die sjah en die koningin bekommerd geraak oor die impak van sosiale verskynsels wat hulle as dekadent beskou het. Hulle wou enersyds Iran ontwikkel, maar keer dat wat hulle as Westerse hebsug, verbruikerswese en hedonisme beskou het Iran se eie kultuur verswak. Sowel SAVAK as die sjah het teen die 1960's ook die opkoms van steun vir kombinasies van liberalisme, Marxisme en Islamisme onder baie jongmense opgemerk.

Die senior SAVAK-offisier en sjah-vertroueling Hassan Pakravan was 'n intellektueel wat die rol van kultuur in beïnvloedingsoperasies begryp het. Pakravan het in die 1960's ook Westerse kenners van teensubversiemetodes gebruik (Qane'ifard 2012:599). Dit sal verdere ondersoek verg om te bevestig in watter mate hy 'n rol in die sjah se kultuurpolitiek gespeel het, maar vanaf die laat 1950's het daar wel nuwe kulturele inisiatiewe uit die sjah se hofhouding gekom.

Die sjah het nie 'n groot persoonlike belangstelling in die digkuns gehad nie, en het ook 'n groter afstand met betrekking tot die gewone bevolking gehandhaaf. Hy kon dus nie soos die opperleier Ali Khamenei later in die Islamitiese Republiek Iran weens sy persoonlike aanleg en ervaring digkuns as 'n prominente deel van sy politieke regime se legitimering en ont-plooiing gebruik nie (Matthee 2022). Kulturele patronaatskap onder die vleuels van koningin Farah Diba het wel 'n groter rol gespeel in die regime se strewe na meer legitimiteit (Amanat 2017:674).

Kunstenaars en intellektuele, ook diegene wat kritici was, kon deur die kunste en televisie nuwe temas verken en werk kry in die goed-befondsde kulturele staatsinstellings. In Persiese musiek, argitektuur, film en teater het 'n nuwe geslag kunstenaars na vore getree. Daar is nie direkte meningsopnames wat die invloed hiervan op nasiebou en die publiek se siening van die regime in die 1960's gesaghebbend aandui nie. SAVAK-dossiere het teen 1971 wel aangedui dat die bewind versigtig moes wees om nie die voorkeure van tradisievolle Moslems te negeer nie (Steele 2021:142). Die invloed van Persiese geskiedenisimbole onder kunstenaars en die bevolking is in Iran vandag steeds merkbaar.

Die sjah se regime het vanaf die middel-1960's dus ideologies Persiese kulturele geskiedenis en Iranse nasionalisme gekombineer met ingrypende sosio-ekonomiese ontwikkeling, 'n private rol vir Islam, minder invloed vir geestelikes, groter internasionale selfstandigheid en 'n meer outentieke nie-Westerse kultuurlewe (Shakibi 2020:166–7). Etlike elemente het oorvleuel met die boodskappe van die sjah se politieke teenstanders (Shakibi 2020:385).

Rastakhiz se interne joernaal, *Andisheh-hāye Rastākhiz*, het die rol van kultuur as die sentrale krag van die geskiedenis beskryf, maar ook ontwestering en anti-imperialisme onderskryf. Die sjah het van die artikels voor publikasie goedgekeur of aangepas (Michel 2023). Die monargie is geposisioneer binne 'n Derde-Wêreldse anti-imperialisme, sowel Wes as Oos georiënteer. Die sjah het sy bewind toenemend as sowel 'n politieke welvaartstaat as 'n spirituele instelling op weg na 'n sogenaamde Groot Beskawing probeer voorstel.

Reza Qotbi, die hoof van die nasionale radio-en-televisie-agentskap NIRT, was 'n familielid van die koningin. Hy en NIRT se adjunk-hoof het ook oud-Marxiste in sensitiewe poste geplaas. SAVAK het in die laat-1960's die sjah gewaarsku dat NIRT 'n gevaarlike linkse toevlugsoord word en het intriges teen Qotbi georganiseer. Qotbi se verweer was dat dit beter is om dissidente vir die regime te koöpteer. Die sjah het Sabeti toe beveel om Qotbi gereeld te ontmoet en probleme uit te sorteer (Qane'ifard 2012:581–6).

NIRT moes uiteindelik wel periodiek SAVAK-gesteunde programme aanbied, maar self-sensuur eerder as 'n SAVAK-verbod is toegepas. Solank hulle pro-sjah-propaganda bevorder het, kon NIRT ander boodskappe van kulturele en politieke vernuwing uitdra (Amanat 2017:668–75; Mahmoudi 2020). In plaas van sensuur van buite het SAVAK-medewerkers of -verteenwoordigers sedert die 1960's op die besture van prominente publikasies en die staat se kultuurorganisasies gedien (Shakibi 2020:179).

SAVAK-offisiere soos Sabeti het soms 'n kat-en-muis-spel met kritiese denkers soos Ali Shariati gespeel. Waar so 'n denker se idees die opposisie teen die sjah verdeel of die sjah se eie boodskap versterk het, het SAVAK hulle voorwaardelike ruimte en steun gegee of hulle invloed gebruik. Soms het die denkers dan deur indirekte benaderings tog hulle kritiek geuiteer of die kans gebruik om 'n wyer gehoor te bereik (Matin-Asgari 2018:219–26). Pakravan het reeds in die laat-1950's 'n belangrike rol vir SAVAK in binnelandse en buitelandse propaganda voorsien (Wainwright 2019:193). SAVAK het uiteindelik inderdaad 'n rol gespeel om die kulturele en ideologiese veld in Iran te vorm.

12. Ontstrengeling van die grootmagte

Die sjah het tydens die Koue Oorlog (1949–1991) te midde van sterk mededinging tussen die VSA en die USSR regeer. Iran se strategiese posisie in die streek, toegang tot olie, politieke stabiliteit en die bekamping van die USSR se streeksinvloed was belangrike oorwegings vir die VSA se steun aan Iran (Yatsevich 1989). Sedert die staatsgreep van 1953 het die sjah egter probeer om met sulke steun Iran uit 'n ondergeskikte posisie aan alle groot moondhede te ontstrengel. Die sjah was aanvanklik te afhanklik van die VSA om 'n onverbonde posisie in te neem, maar hy het na sulke onverbondenheid verwys, moontlik om meer steun te kry (Yatsevich 1989:45; Wilcocks 2015:142–3).

Die sjah was wantrouig oor die regering van John F. Kennedy se klem op politieke hervormings in die VSA se buitelandse bondgenote (Meyer 1985). Daar was ook verskille onder Amerikaanse beleidmakers oor die mate van druk oor politieke hervormings wat die VSA kon uitoefen. 'n Memorandum van Amerikaanse diplomate in 1962 het gemeld dat daar 'n groot wanopvatting in Washington was dat daar 'n goedkoop oplossing vir sulke sake is, en dat as die VSA net die ondergeskikte lande vertel wat hulle moet doen, hulle dit pligsgetrou sou doen. Dieselfde briljante denkers wat dink sulke gedwonge hervorming is maklik, het die memorandum sarkasties genoem, weier om te erken dat as die VSA 'n wurggreep op 'n klein land soos Iran het, Iran insgelyks ook een op die VSA het (Wilcocks 2015:144).

Die sjah het geglo dat pro-Israeli-groepe 'n sterk invloed in die VSA uitoefen. Hy wou deur goeie bande met Israel die VSA beïnvloed en ook 'n alternatiewe bron van hulp verkry (Alpher 2015:11). Die sjah en SAVAK het verskuilde en pragmatiese verhoudings met die jong staat Israel en MOSSAD aangeknoop. Die geskiedenis van die Persiese heerser Cyrus, wat die Jode uit hulle ballingskap in Babilonië bevry het en in die Torah as redder genoem word, het ook 'n emosionele aanknopingspunt verskaf.

Benewens die CIA het MOSSAD 'n belangrike rol gespeel in die aanvanklike opbou van SAVAK se kundigheid. Daardie kundigheid was veral teen Irak en Arabies-nasionalistiese ondermyning in Iran gerig. Onverwerkte inligting is byna daaglik uitgeruil. Vir die jong staat Israel was die verhouding belangrik, omdat dit 'n boodskap aan die Amerikaners, die Sowjet-Unie en Arabiese moondhede gestuur het dat Israel bondgenote in die streek het (Alpher 2015:14).

Toe Brittanje in 1967 aankondig dat hy hom teen 1971 aan die Golf gaan onttrek, was daar 'n gevoel onder Amerikaanse besluitnemers dat die beleid van steun vir die sjah as stabiliseerder 'n opbrengs gelever het (Bolster 1988:142–3). Teen daardie tyd het SAVAK reeds op sy eie bene gestaan. CIA-beamptes het gerapporteer dat daar meer professionele afstand en net op hoër vlak betrekkinge was, teenoor die warmer kollegialiteit op alle vlakke van 'n kleiner SAVAK in die 1950's (Helms 1985:111; Gasiorowski 1991b).

Die sjah en Richard Nixon was beide bekwame en pragmatiese geopolitieke besluitnemers, wat mekaar sedert die 1950's leer respekteer het. Nixon het in 1969 die president van die VSA geword. Die Nixon-doktrine of Dubbelpilaar-beleid het Iran en Saoedi-Arabië, die twee groot olieprodusente, tot die posisie van Amerikaanse hulpmagte in die streek probeer verhef. Die sjah het onderhandel sodat die VSA Iran as die geopolities belangrikste mag vir die VSA aanvaar. Die Saad-Abad-beraad tussen die sjah en Nixon in 1972 het aan Iran 'n rol as die Persiese Golf se polisieman gegee (Sick 1985:14; Wainwright 2019:39).

Volgens Richard Helms, 'n CIA-hoof (1966–1973) en Amerikaanse ambassadeur in Iran (1973–1976), was die sjah se buitelandse beleid in die streek op stabiliteit gemik. Hy het stabiliteit ook benodig om sy binnelandse oogmerke te bereik. Die sjah wou genoeg geld bekom om dit alles tegelyk te doen, en die groot stygings in inkomste uit olie het hom uiteindelik in staat gestel om dit te doen (Helms 1985). Olie-inkomste het van sowat \$22,5 miljoen in 1954 tot \$20 miljard in 1977 gestyg. Die opbou van Iran se militêre mag en sy wapenaankope is só gefinansier.

Die sjah het SAVAK se hoofde en afdelingshoofde meermale gebruik om bande met regerings in die streek aan te knoop en dilemmas op te los. Nasser moes byvoorbeeld in 1973 só die

bande met Israel en Marokko help onderhou (Alam 1991:296, 320). G2 eerder as SAVAK was die belangrikste intelligensie-organisasie rakende wapenaankope. Die olie-inkomste het die sjah gehelp om teen die 1970's die aard van sy verhouding met die VSA te verander van 'n ondergeskikte rolspeler tot 'n streeksvennoot (Helms 1985:80; Oney 1991:8–9).

Helms het nooit die indruk gekry dat die sjah bang was vir die Russe nie (Helms 1985). In 1959 en 1960 het SAVAK wel toenemend gewaarsku oor intensiewer Sowjet-gesteunde ondermyning deur Tudeh (CIA 1959; CIA 1960a). SAVAK se teeninligtingsafdeling het ook die houdings van die bevolking teenoor Westerse moondhede en die USSR gemonitor. SAVAK het agtergekom dat baie mense teen verdere Westerse invloed was en die USSR meer goedgesind was. Sulke houdings is beskou as 'n teken van die invloed van buitelandse propaganda (Moravej 2011:187–8). SAVAK was bewus daarvan dat Sowjet-adviseurs Irakse rolspelers geadviseer het om beïnvloedingsaksies onder minderhede in Iran te onderneem (Moravej 2011:180).

Binne die Britse departement van buitelandse sake was daar tydens die Koue Oorlog 'n geheime kantoor, die Information Research Department (IRD), wat oopbroninligting gebruik het om Sowjet-beïnvloeding teen te werk. Na SAVAK se oprigting het Bakhtiar en Pakravan opgemerk dat daar min opleiding in teensubversie was. Op byeenkomste met Britse diplomate in 1956 het hulle van die IRD hulp gevra om doeltreffende propaganda te skep en riglyne op te stel oor ander maniere om ondermynende aktiwiteite deur die USSR in Iran te bekamp (Wainwright 2019:193).

Volgens Vladimir Kuzichkin, 'n oorloper na die Britse intelligensiediens MI6 uit die USSR se intelligensie-en-veiligheidsdiens, die KGB, het die destydse Sowjet-leier Nikita Krushev persoonlik 'n sluipmoordaanval op die sjah in 1962 gemagtig, wat misluk het (Andrew en Mitrokhin 2005:173). SAVAK het kolonel Maamar Hosseinzadeh en All-Naghi Rabbani, 'n beampte in die departement opvoeding, as Sowjet-agente ontmasker (Hashemi 1985:10; CIA 1978a). Brig.-genl. Ali Akbar Darakhshant is in April 1978 as Sowjet-spioen vasgetrek (CIA 1979c).

G2 het nie genl. Ahmad Moghrahebi, 'n Sowjet-spioen op die generale staf, vasgetrek nie, maar SAVAK het dit wel reggekry. Moghrahebi, wat in die 1970's in beheer was van Iranse wapenaankope van die VSA, is deur die KGB as hulle belangrikste agent in Iran beskou. Die sjah is nie net persoonlik ingelig oor elke stap in die projek om Moghrahebi se rol bloot te lê nie, maar hy was ook die een wat al die sleutelbesluite geneem het oor die stappe wat gevolg moes word om hom in September 1977 vas te trek (Milani 2011:361–2; Andrew en Mitrokhin 2005:178).

Die sjah het volgens Helms stelselmatig te werk gegaan om seker te maak dat hy met elke land om hom 'n vriendskaplike of ten minste 'n werkende verhouding gehad het. As 'n geopolitikus was hy baie berekend en vaardig (Helms 1985:42). Dit het uiteindelik ook vir Iran se verhouding met die USSR en die verandering van die geopolitieke veld gegeld.

13. Nasionale belange en transnasionale identiteitspolitiek

Die streekstelsel in die Midde-Ooste of Wes-Asië is histories in hoë mate gepenetreer deur magte en geopolitieke diskoerse van buite die streek. Iran het sewe buurlande, grens aan die Persiese Golf en die Golf van Oman, en maak deel uit van 'n streeksveiligheidskompleks, 'n

kompleks van interaksies en perspektiewe daaroor (Buzan en Weaver 2003:53). Die interaksies wissel volgens tydperk en tema, en betrek soms identiteitspolitiek, die grense van grondgebied, regimebehoud, staatsbou en geopolitiek. Die sjah se identiteitspolitiek het 'n rol gespeel in geopolitieke konstellasies en die sjah se strategie om Iran 'n streeksmag te maak.

Die sjah het in 'n tydperk van sterk Arabiese nasionalisme en later Soenni-Islamisme Iran eerder as 'n ander Ariese pool in Asië beklemtoon. Die sjah het verder 'n sterker posisie vir Iran gekoppel aan die Indiese Oseaan voorgestaan, waar 'n gemeenskaplike mark of selfs 'n gemenebes kon ontstaan (Laing 1977:202). Die sjah het 'n moontlike “herbore Ariese broederskap van Iran, Indië, Pakistan en Afganistan” voorsien om regionale vrede en samewerking te verseker. Dit moes “weer die fakkel van 'n glorieryke humanitêre, liberale en moralistiese beskawing hooghou” (Karanjia 1977:236). Sowel Pakravan as Nasserri het ná hulle diens as SAVAK-hoofde as ambassadeurs in naburige Pakistan gedien.

Die sjah was baie bekommerd dat Arabiese nasionaliste, aangevuur deur die Egiptiese heerser Gamal Abdel Nasser en ondersteun deur die Sowjet-Unie, in die naburige Irak, Oman en elders in die streek monargieë soos syne omver sou werp en Iran sou bedreig. Die sjah het Irak, waarvan groot dele in die antieke Persiese ryke geval het, beskryf as 'n kunsmatige staat wat deur Winston Churchill en koloniale magte geskep is (Reisinezhad 2017:237). Hy het die kans dat 'n konflik tussen Irak en Iran uitbreek groter geag as die kans vir 'n konflik met die USSR.

SAVAK se steun vir sommige staatsgreppogings in Irak het geen vrugte afgewerp nie. In 1970 is 'n oud-hoof van SAVAK, Bakhtiar, tydens 'n jagtog van wild in Irak deur 'n SAVAK-agent in sy binnekring om die lewe gebring. Die operasie is onder die direkte toesig van Nasserri uitgevoer nadat hy al die besonderhede met die sjah ooreengekom het. In samewerking met MOSSAD van Israel, het SAVAK in Irak se Koerdiese streek ook instrumente van druk teen die bewind in Bagdad opgebou (Alpher 2015:53).

Na die Irakse staatsgreep in 1958 was Ariese identiteitspolitiek 'n kernelement van Iran se beïnvloedingsveldtog onder die Irakse Koerde. Die sjah het die Koerde in Iran en Irak as “die suiwerste Perse, suiwer Ariërs, vanuit hulle tradisie, hulle taal en hulle geskiedenis” genoem (Reisinezhad 2017:357–8). Die reaksie van Irakse Koerdiese leiers soos Mustafa Barzani het daarop gedui dat dit aanklank gevind het. Kol. Isa Pejman van SAVAK, 'n Iranse Koerd, het 'n sleutelrol gespeel in die bande met die Irakse Koerde (Reisinezhad 2017:48–50).

Tussen September 1961 en Mei 1972 was die sjah se beleid teenoor die Irakse Koerde in stryd met die VSA se steun aan die sentrale regering in Irak. Daarna het die VSA Iran en Israel se Koerdiese steun onderskryf. Die jarelange druk van die SAVAK-gesteunde Irakse Koerde op die Bagdad-bewind en ander oorwegings het uiteindelik in 1975 tot gesprekke in Algiers tussen die sjah van Iran en Saddam Hoessein van Irak gelei. Die sjah het oor twee dae in Frans met die Algerynse leier Hoari Boumédiène as bemiddelaar gekommunikeer, en Boumédiène met Hoessein in Arabies. Richard Helms is agterna getref deur die oorbodigheid van formele onderhandelinge, diplomate, kaarte, sekretarisse en kundige vertalers tydens hierdie gebeurtenis (Helms 2003:418).

Toe Irak 'n aanbod maak om die landsgrense met Iran te erken, het die sjah die kans aangegryp en die Algiers-ooreenkoms geteken sonder om die VSA, Israel of sy naaste adviseurs in te lig. Die ooreenkoms het Iran se onafhanklikheid getoon en Iran se nuwe rol onder die streek se lande gelegitimeer (Parsi 2007:219). Die sjah was ook trots daarop dat hy die talle Shia-

pelgrims daarmee in staat gestel het om hulle heilige stede Najaf en Karbala in Irak te besoek. 'n Onvoorsiene gevolg was dat baie pelgrims die kans benut het om ook oudiokassette met opruiende anti-sjah-boodskappe van Khomeini na Iran te smokkel (Helms 2003:418).

Die Algiers-ooreenkoms het die sjah se steun vir die Irakse Koerde beëindig. Irakse Koerde het na Iran gevlug en ook Iranse Koerde was ontsteld dat die sjah Iran se nasionale belange bo die beloofde Ariese broederskap gestel het. Etlike jong stedelike Iranse Koerde het ook by links-radikale en separatistiese Koerdiese partye aangesluit. Pejman moes op die sjah se versoek 'n gedetailleerde langtermynplan voorlê om die Koerde se lojaliteit terug te wen (Reisinezhad 2017:318–21; Qane'ifard 2012:537).

Ten spyte van die versoening met Irak, het die sjah en SAVAK se wantroue in die Baathbewind voortgeduur (Moravej 2011:171). Etlike besluitnemers in SAVAK het die streek se Sjia-gemeenskappe as Iran se natuurlike bondgenote beskou, ook in Irak en Libanon. Op 'n minder deurlopende manier het die sjah Iran as die sleutelnodus vir Sjia-gemeenskappe in die streek en homself as hulle voog voorgestel (Alam 2007:443; Tabatabai 2020:121).

Onder die sjah is kulturele identiteitspolitiek binne lande en oor landsgrense heen dus gekombineer met regimebeskerming, staatsbou en geopolitieke strewes na stabiliteit en magsdemonstrasie. Beleidspraktyke was wel gegrond op verskuiwende magsoorwegings. SAVAK en koevert operasies, nie die departement van buitelandse sake nie, het veral vanaf die vroeë 1960's Iranse beleid rakende Irak, Sirië, Libanon, Egipte en Jordanië uitgevoer (Reisinezhad 2017:359–62).

By die 2 500-jarige herdenking van die Persiese Ryk in 1971 het veral buitelandse staatshoofde die seremonies by die ruïnes van Persepolis bygewoon. Nasser as hoof van SAVAK was persoonlik in bevel van die veiligheidsreëlings. Die sjah het daar sy dinastie as 'n opvolger van vorige Persiese ryke uitgebeeld. SAVAK-ontleders het wel gewaarsku dat die sjah nie die gelyktydige belang van Sjia-Islam onder die bevolking moes ignoreer nie (Steele 2021:142). Die reuse-uitgawes en glansryke verrigtinge, asook die afwesigheid van gewone burgers, was tekenend van die mate waarin die sjah sy eie rol in die geskiedenis en Iran se erkenning as streeksmag deur ander moondhede geprioritiseer het.

Iran se buitelandse beleid het rolspelers wat groepe en nie state was nie betrek, maar die beleid het op subnasionale, nasionale, regionale en internasionale vlak weerklank gevind (Tabatabai 2020:120–2). Met SAVAK se hulp kon die sjah die geopolitieke veld in die streek verander. Iran het naas Israel gegroei tot een van die twee sterkste streeksmoondhede. Die transnasionale identiteitspolitiek het Iran se geopolitieke kultuur as 'n gerespekteerde nasiestaat en ook 'n streeksmag met antieke wortels hervorm.

14. Die sjah as intelligensiegebruiker

Helms het die sjah as die hoofbeampte van Iranse intelligensie asook die hoofbevelvoerder van die gewapende magte bestempel (Helms 1985:6). Amerikaanse ambassadeurs en CIA-stasiehoofde het byna sonder uitsondering die sjah beskryf as 'n uiters intelligente persoon wat in enige land 'n topposisie kon beklee (Yatsevich 1989; Bolster 1988). Hy het egter 'n aanvoeling vir gewone mense kortgekom. Sy idee van 'n heerser, in ooreenstemming met sy opvoeding en die dominante tradisie van Persiese koningskap, was nie om saam met die volk te wees nie, maar as 'n sterk leier bo hulle te staan.

Die sjah self was 'n gretige gebruiker van intelligensie, maar nie altyd goed geëvalueerde intelligensie nie. Daar was volgens Westerse intelligensiebeamptes 'n geneigdheid by die sjah en by SAVAK om oral intrige en sameswering te sien waar daar dikwels net verwarring en menslike foute was (Oney 1991:123; Mohaqeqqi 1989). Veral die invloed van vreemde moondhede, die sogenaamde *dast-e khareghi* (die buitelandse hand), is deur die regime van die sjah gewantrou (Helms 1985; Katouzian 2010).

In Mei 1975 het die CIA steeds SAVAK as die sjah se hoofbron van inligting beskryf, saam met die koningin en sy eie netwerk van private bronne, wat geestelikes, stamhoofde en adviseurs ingesluit het (CIA 1975b; Alavi-Kia 1983:9–10). SAVAK was apart van G2, en G2 se hoof het die sjah direk ingelig. Nietemin kon G2 nooit daarin slaag om SAVAK se rol in die intelligensiegemeenskap of as probleemoplosser vir die heerser wesenlik te raak nie (Lawson 2017:58–9). CIA- en MI6-stasiehoofde kon almal direk met SAVAK-hoofde skakel, maar het gereeld met die sjah self gesels. Wanneer olie-inkomste dit moontlik gemaak het, het die sjah ook intelligensieverslae probeer verkry of koop, nie alleen van buitelandse intelligensie-agentskappe nie, maar ook van privaatveiligheidsmaatskappye (Milani 2016:393).

Bakhtiar en Pakravan was bekend as SAVAK-hoofde wat hulle eie oordele kon vorm. Nasser het dit meestal nie gewaag om kritiese oordele te vel of die sjah met baie slegte nuus te ontstel nie. Mansour Qadar, 'n senior SAVAK-offisier en later ambassadeur in Libanon, het genoem dat sekere SAVAK-telegramme ten spyte van sy aandrang nooit aan die sjah gegee is nie. Qadar skryf die sjah se keuse van Nasser as SAVAK-hoof daaraan toe dat hy sy vertroueling Hossein Fardoust se verslae soms te krities gevind het (Qadar 1986:59, 63).

Die sjah wou nie ongemaklike inligting of iets wat afwyk van die regeringstandpunt hoor nie. Volgens Manouchehr Hashemi, een van die langdienendste senior SAVAK-beamptes en later hoof van teenintelligensie, was daar 'n sterk tendens onder SAVAK se senior leiers in die 1970's om te sê wat hulle gedink het die sjah wou hoor (Hashemi 1985; Qadar 1986). Helms en die Britse diplomaat Desmond Harney het weens hulle ervarings gedink dat SAVAK se topleiers teen die 1970's bang was om vervang te word as hulle iets verkeerd noem (Helms 1985:32, 56; Harney 1985:12).

15. SAVAK se beperkte dinamiese vermoëns

Heelwat impulse tot nuwe denke of optrede in SAVAK het regstreeks of onregstreeks van die sjah gekom, byvoorbeeld die sjah se bevel dat SAVAK ook die ministerie van buitelandse sake monitor (Moravej 2011:184). Sommige inisiatiewe het gekom van die opsieners van SAVAK in reaksie op die wense van die sjah (Fardoust 1999:260–1). Sommige inisiatiewe was op versoek van bondgenote (Daw 1988; Fardoust 1999:262–6).

Helms en Miklos was skepties oor SAVAK se doeltreffendheid as intelligensiediens, veral onder Nasser. Vir Helms was dit 'n ope vraag of Nasser as hoof van SAVAK die sjah behoorlik, akkuraat en voldoende ingelig het oor wat aangaan (Helms 1985:32; Miklos 1986:102). Volgens MOSSAD-offisiere was SAVAK se doeltreffendheid veel beperkter as die beeld daarvan. SAVAK se kennisdokumente was dikwels van swak gehalte (Alpher 2015:18). Gratian Yatsevich, 'n CIA-stasiehoof, en andere het opgemerk dat die samestelling en benaderings van nuwe lede van SAVAK tydens Nasser se bestuurstermyn verander het. Hulle gehalte het ver-

swak na gelang die take van binnelandse veiligheid prominenter geword het (Yatseвич 1989:165; Oney 1991:110).

Volgens Oney het heelparty mense in die CIA egter SAVAK se suksesvolle onthulling van etlike Sowjet-spioene as 'n bewys beskou van SAVAK se professionalisme as buitelandse intelligensiediens (Oney 1991:99–100). Daar bestaan ook voorbeelde waar senior SAVAK-beamptes soos Pakravan, Fardoust en Sabeti dinamiese vermoëns getoon het om die eerste tekens van snelle verandering reg te beoordeel en die gevolglike geleenthede te benut. Dit was so vir die rol van kulturele en ideologiese verandering om die sjah se legitimititeit te versterk, die aanpassing in skarebeheer, die destabiliserende uitwerking van elitekorrupsie, en die noodsaak van 'n politieke skikking met gematigde geestelikes.

Nie alle interne vernuwings is bekend nie. Pakravan het egter reeds in 1958, teen die sjah en die oorheersende SAVAK-mening in, genoem dat kommuniste nie die hoofbedreiging vir die regime was nie, maar die “gefrustreerde nasionalisme en reformistiese aspirasies van die stedelike middelklasse” (Milani 2011:271). Die jong Marxistiese guerrillas was meestal afkomstig uit politieke uitgeslote middelklasgesinne en is net voor die Rewolusie in 1979 in segmente van die studentebevolking as helde beskou.

Nuwe ontwikkelinge het wel improvisasie en ondernemerskap meegebring. In reaksie op toenemende guerrilla-aanvalle en terrorisme deur klein Marxistiese guerrillagroepes in Iran vanaf 1969, is 'n komitee ter bestryding van terrorisme in 1970 gestig. Dit het 'n militêre voorsitter gehad, maar Sabeti, die teenterrorismehoof van SAVAK, was die *de facto* leier (Milani 2011:290). SAVAK het sy teenterrorismevermoëns versterk, insluitende geheime operasies, nuwe opleiding, patrollies in burgerlike drag en voertuie, verrassingsdeursoekings van geboue, en 'n groter netwerk van informante landswyd (Tabatabai 2020:133). Die sjah se vrees vir omverwerping deur Sowjet-gesteunde elemente en Marxistiese guerrillagroepes se aanvalle op senior amptenare en offisiere het SAVAK se fokus dikwels weg van die radikale Islamiste en geestelikes geskuif.

Tydens Pakravan se leierskap in die 1960's het SAVAK nog objektiewe en versierende verslae oor die geestelikes as belangrike moontlike politieke opposisiekrag aan die sjah gelewer (Rahnema 2021:378). Die sjah en sy vernaam adviseur Alam het egter lank geglo dat die geestelikes eerder 'n kulturele bolwerk teen kommunisme daarstel. Die sjah het dus die groei van moskees en ander godsdienstige instellings bevorder. Terselfdertyd het hy waarskuwings van gematigde geestelikes in die laat-1960's, dat sy besluite tradisievolle Moslems kon vervreem en ayatollah Khomeini se radikale geestelikes kon versterk, geïgnoreer (Milani 2016:378).

SAVAK se aanwysings om aandag te gee aan tradisievolle Moslems se besware tydens die 1971-feesvieringe is eweneens nie opgevolg nie. Teen die tyd dat binnelandse onrus in 1978 die sjah oorreed het om die geestelikes se hulp in te kry, het Khomeini se radikale aanhangers die netwerk van moskees en religieuse instellings só oorheers dat gematigde geestelikes nie gewaag het om Khomeini teen te staan nie (Milani 2011:356).

Na die verkiesing van Jimmy Carter as Amerikaanse president in November 1976, was die sjah besorg oor Amerikaanse druk vir politieke hervorming. Hy wou voorkomend begin om meer politieke vryhede toe te staan. Stagnerende oliepryse het egter regeringsinkomste beperk en hoë inflasie het die bevolking se onbehae versterk. Sabeti het 'n dokument vir die sjah voorberei wat waarsku dat 'n soortgelyke koalisie as in 1963 die sjah sou uitdaag: die stedelike middelklas,

studente, handelaars, stedelike armes, Marxistiese groepe, sommige nomadiese stamme, en die radikale geestelikes en verskillende Islamitiese strominge. Hulle was volgens Sabeti egter veel sterker as voorheen en sou konfronterend raak as hulle enige swakheid opmerk.

Die sjah het die akkurate SAVAK-verslag woedend verwerp en genoem dat dit die sosio-ekonomiese suksesse van sy Wit Rewolusie negeer (Milani 2011:376, 389). Teen 1978 het die CIA Sabeti as effektief die hoof van SAVAK bestempel (CIA 1978b). Die sjah, wat wars was van Sabeti se kritiek op elitekorrupsie, het hom egter nooit gevra om persoonlik 'n voorlegging te kom lewer nie. Hy het die onderdanige Nasser se voorleggings verkies.

Tydens bykans elke kritiese oomblik tydens die laaste twee jaar van sy bewind het die sjah swakheid getoon as sterkte nodig was, of kragdadigheid probeer vertoon sonder dat daar voldoende mag of 'n behoorlike politieke strategie was (Qane'ifard 2012:85; Milani 2011:376). Van die sjah se misskattings het te doen gehad met sy weifeling tussen opsies en laat en halfhartige keuses. Ander verkeerde besluite het te doen gehad met sy siening dat kommunistiese en Westerse intriges en magte, eerder as ontevredenheid onder alle bevolkingslae, die hoofdryfkragte van die rewolusie was (Helms 2003:422; Milani 2011:385, 391).

Helms se oordeel oor die sjah se posisie in 1977–1979 is betekenisvol. Hy was van mening dat die sjah, toe al siek aan kanker, nie deur Nasser se hoof van SAVAK of deur sy ministers voldoende en akkuraat ingelig is oor wat aangaan in sy eie land nie. Dit was veral later van tyd nadelig toe ook Alam so siek geword het dat hy nie behulpsaam kon wees nie en uiteindelik gesterf het. Alam en Eqbal was twee persone wat volgens Helms en Harney hulle ore teen die grond gehou het, wat die hulpbronne gehad het om onafhanklik van SAVAK uit te vind wat in die land aangaan en wat die sjah bedag sou kon gemaak het op die feit dat die opposisie veel sterker was as wat hy skynbaar geglo het. (Helms 1985; Harney 1985:28).

16. Die einde van die sjah en SAVAK

Volgens Qadar wou die sjah altyd twee paar oë in SAVAK hê, twee perspektiewe, ingeval een persoon 'n verraaier is (Qadar 1986:64). Hossein Fardoust het lank hierdie teenwig in SAVAK gevorm. Baie senior SAVAK-offisiere was uit die hoë stand en het effens neergesien op Fardoust, wat 'n eenvoudige agtergrond gehad het en 'n besonder onderdanige houding teenoor die sjah ingeneem het. Etlike senior mense in SAVAK het aanvaar dat die vrou van Fardoust deur die jare een van die sjah se etlike minnaresse was. Tot die middel-1970's het Fardoust die sjah byna daagliks ontmoet om hom die sleutelbesonderhede van intelligensieverslae te gee. Later het die sjah om onbekende redes gelas dat Fardoust hom nie meer persoonlik voorlig nie, maar net skriftelike verslae stuur.

Teen 1977 was SAVAK se greep op teenstanders swakker en het praatjies van 'n mags-oorgang toegeneem (Qane'ifard 2012:577). Die veiligheidselite het reeds begin verdeel in nuwe faksies met verskillende posisionerings en strategieë. Fardoust het hierdie verskuiwings gebruik om noue bande met kritici van die sjah te skep. Toe die gety teen die sjah draai, het die meeste generaals in SAVAK, die polisie en weermag besluit om nie tot aktiewe weerstand oor te gaan nie (Mohaqeqqi 1989). Volgens Qadar was daar uiteenlopende redes waarom dit gebeur het, naamlik onkunde, apatie, onverskilligheid, verraad, die skynbare gebrek aan goeie alternatiewe – en Fardoust se wraak (Qadar 1968:68–9).

Teen die begin van 1978 het heelwat Midde-Ooste-kenners van sowel die KGB as die CIA gedink dat die sjah se bewind sal oorleef, en dat sy hoofopponent nie Khomeini se radikale Islamiste was nie (Andrew en Mitrokhin 2005:180). Admiraal Stansfield Turner, die CIA-hoof tydens die Rewolusie, het op 4 Februarie 1979 genoem dat selfs Khomeini moontlik nie besef het hoe sterk sy ondersteuners geraak het nie. Die uiteenlopende bronne van griewe onder die bevolking was soos 'n reeks borrelende vulkane. Niemand het egter voorsien dat 'n 78-jarige geestelike wat 14 jaar in bannelingskap was, as die versneller kon dien om al die vulkane in een nasionale rewolusie te laat ontbrand nie (CIA 1979a).

Op 16 Januarie 1979 het die sjah Iran verlaat en in ballingskap na die VSA vertrek. Hy is in 1980 in Egipte oorlede (Milani 2011:433). William Colby is later as CIA-hoof krities gevra oor die VSA se steun vir Iran. Colby se antwoord was dat, op die skaal van die geskiedenis, 25 jaar van goeie betrekkinge met Iran en 'n goeie regering in Iran, wat 'n hele nuwe middelklas geskep en geletterdheid en lewensverwagting laat styg het, positief was. Iran het volgens Colby ook meer vooruitgang getoon as naburige Irak en Pakistan (CIA 1980; Devlin en Jervis 1979). Sommige CIA-offisiere het later genoem dat SAVAK se binnelandse veiligheidsafdeling brutaal en hardhandig teen opposisie kon optree, maar dat die veiligheidsdienste van Irak en Pakistan erger was (Daw 1988).

Die lot van SAVAK-offisiere en SAVAK as organisasie na die Islamitiese Rewolusie word betwis, en onbevestigde besonderhede en gerugte bemoeilik 'n volledige beeld hiervan. In Februarie 1979 is Nasserī deur 'n rewolusionêre tribunaal tereggestel. Pakravan is in April 1979 tereggestel en Moghaddam in Mei 1979. Etlike senior SAVAK-offisiere, onder wie Sabeti, Qadar en Hashemi, het na die Verenigde State van Amerika of die Verenigde Koninkryk gevlug.

'n Groep junior weermagoffisiere en voormalige SAVAK-offisiere was betrokke in die Forqan-groep, wat belangrike figure in die nuwe Islamitiese Republiek aangeval het, vermoedelik met buitelandse steun (CIA 1979b). Bakhtiar se seun, Shahrokh Bakhtiar, sou later betrokke raak by 'n saak van heroïensmokkelary in die VSA om fondse te werf vir 'n komplot om die Islamitiese regime omver te werp (CIA 1983).

In 1979–80 het die nuwe bewind 'n klomp klein intelligensie-agentskappe geskep en later gekonsolideer. Daar is aanduidings dat Hossein Fardoust as die eerste hoof van die nuwe Nasionale Intelligensie- en Veiligheidsagentskap (*Sazman Ettela'at va Amniat Melli Iran* of SAVAMA) aangewys is en dat laervlak-offisiere behou is. Die KGB-oorloper Vladimir Kuzichkin het opgemerk dat Iranse monitering by die Sowjet-ambassade in Teheran 'n paar maande na die Rewolusie volgens dieselfde patroon hervat is (Axworthy 2013:342).

Die moontlike Iran-Irak-oorlog waarop die sjah altyd bedag was, het in September 1980 die vorm van die Irakse president Saddam Hoessein se inval in Iran aangeneem. Voormalige SAVAK-offisiere was weens hulle vaardighede, metodes en agentenette in Irak veral belangrik en is immunititeit verleen om vir SAVAMA te werk (Tabatabai 2020: 248–9). Die Islamitiese Rewolusionêre Wagtekorp (*Sepah of Pasdaran*), wat in 1979 gestig is om die nuwe regime te beskerm, het ook sy eie intelligensie-afdeling opgebou.

Iran se verbete weerstand, ook met die wapens wat die sjah in soveel hoeveelhede aangekoop het (Helms 2003:419), het ná honderde duisende ongevalle en 'n skaakmat-situasie in 1988

geëindig. Die oorlog, meer nog as die Rewolusie, sou die stigtingsmite vorm van die Islamitiese Republiek Iran en sy veiligheidsdienste (Library of Congress 2012; Ostovar 2016).

17. Gevolgtrekkings

Tydens die bewind van sjah Mohammad Reza Pahlavi (1941–1979) is SAVAK (*Sazeman-e Ettela'at va Amniyat-e Keshvar*), 'n nuwe intelligensie- en veiligheidsdiens, in 1956 gestig om binnelandse veiligheid te verseker en as buitelandse intelligensiediens op te tree.

Onder die sjah en sy voorgangers se bewind was Iran 'n beperktetoegangsorte. In sulke ortes ontbreek politieke pluralisme, direkte toegang deur die burgery, 'n vrye vloei van betroubare inligting, deursigtigheid van beleidsprosesse en sterk institusionele wigte en teenwigte.

Tydens die tydperk 1941–1953 was faksies in die weermag, die burokrasie en die koninklike hof se patronaatskap die hoofpilare van die sjah se regime. SAVAK se stigting in 1956 het die konstellasie van magte in die regime herrangskik en SAVAK het 'n belangrike nuwe steunpunt in die binnekring van die regime geword.

SAVAK was 'n voorbeeld van hoe nuwe intelligensie-organisasies meestal berus op die boustene van ander organisasies, die heerser se vertrouelinge of personeel wat reeds kundigheid en netwerke opgebou het. Danksy die steun van die Amerikaanse, Britse en Israëli-intelligensiedienste het SAVAK die grondslae ontwikkel vir Iran se eerste volwaardige buitelandse intelligensiediens in die 20ste eeu. SAVAK kon die funksies van intelligensie-, teen-intelligensie- en koverte aksie, wat ook in demokratiese state se dienste verrig word, uitoefen.

Na die staatsgreep in 1953 het SAVAK 'n sleutelbydrae tot regimevorming gelewer deur die sjah se teenstanders in die weermag te neutraliseer. SAVAK het die sjah se veiligheid verseker terwyl sameswerings om staatsgrepe binne Iran te pleeg en suksesvolle staatsgrepe in Turkye, Irak en Pakistan plaasgevind het. Dit het gehelp om groter sentralisasie in Tehran en die sjah se beheer oor alle groot faksies teen 1963 te konsolideer.

Sterk nie-Westerse en Westerse magte het deur die geskiedenis gereeld die streek om Iran deurdring en oorheers. SAVAK se bydrae om die stamme binne Iran onder beheer te bring en plaaslike skikkings tussen sterk rolspelers te bemiddel, het die regime maar ook Iran as staat minder kwesbaar tussen sterk buitelandse magte gemaak.

Die neo-patrimoniale dimensie van die heerser se regime was sterk. Besluitneming, aktiwiteite en beleid oor politieke, ekonomiese en veiligheidsvraagstukke het deur die informele en persoonlike netwerke plaasgevind. Formele burokratiese en meriete-gebaseerde prosesse was minder ter sake as onderdanigheid aan die sjah, ook in SAVAK.

Geïntitutionaliseerde informaliteit het die sjah se hofhouding gekenmerk. Die invloed van familie, religieuse en etniese bande en offisiërsnetwerke was sterk. Die sjah se ontmoetings met verskeie amptenare en offisiere ongeag die bevelsketting het vloeibare bevoegdhede, mededinging en onderhandeling rondom die intelligensieproses meegebring.

Die aanspooringstelsel, prosesse van werwing en seleksie, die hantering van konflikte, arbeidskontrakte, bevordering, en wigte en teenwigte was dus anders as in 'n burokratiese organisasie. Gebiedstryde tussen instellings oor probleme, kanse en aksies het dikwels eerder stryde tussen

netwerke binne instellings geword waarin posisionele mag 'n nuttige instrument was. Vir die sjah het oorvleuelende bevoegdheids van verskillende veiligheidsrolspelers die belang van sy eie rol versterk en gekeer dat een rolspeler te sterk word.

SAVAK het politieke opposisie-groepe soos die Tudeh-party en die Nasionale Front verswak. Dit het ook steun verleen aan die heerser se poging om deur 'n beheerde partystelsel, verkiesings en patronaatpolitiek sy steunpunte onder die elite en bevolking uit te bou. SAVAK het kandidate gekeur, ingemeng by verkiesings, bywoning gemobiliseer en geweld voor en na verkiesings ingedam. SAVAK het, minstens onder Bakhtiar en Pakravan, ook die heerser ingelig wanneer en waarom sy partyverwante en ander steunwerfprojekte nie werk nie.

Die sjah het op grond van intelligensieverlae oor die publiek se voorkeure en reaksies besluit watter beleidsopsies getoets of uitgeoefen kon word. Daarby het die weerklink vanuit die bevolking en elite die heerser se eie standpunte oor sy vermeende missie beïnvloed. Die intelligensiediens het dus as 'n indirekte kommunikasiekanaal tussen die bevolking, elite en heerser gedien.

SAVAK se werklike ingeligtheid oor die bevolking se voorkeure en sy vermoë om burgers se steun vir die politieke opposisie vas te stel het gewissel. Dit was wel meer beperk as wat die bevolking en ook politieke teenstanders destyds gedink het. SAVAK het veral tydens sy hoof Nasser se bestuurstermyn (1965–1978) vreesaanjaging en hardhandige metodes gebruik om die nuwe middelklas se vrye politieke meningsuiting terug te dring na die tuissfeer, en hulle politieke mobilisasie teen die heerser te keer.

SAVAK het die ideologiese en kulturele veld help vorm. Individuele SAVAK-leiers soos Pakravan en Sabeti het by beïnvloedingsoperasies in en om Iran 'n rol gespeel. Hulle het direkte sensuur en vervolging teen sekere regimekritiese kunstenaars en denkers toegepas, en indirek selfsensuur by staatsmedia meegebring. Medewerkers van SAVAK het op die besture van belangrike media en kultuurorganisasies gedien. SAVAK het voorwaardelike steun en ruimte gegee vir sekere denkers wat nie die heerser gesteun het nie, maar die politieke opposisie kon verdeel. Baie politieke ordes se geskiedenis kan nie behoorlik begryp en beoordeel word sonder om die byna spoorlose bydraes van intelligensie- en veiligheidsdienste daarin te verreken nie. Dit is ook die geval by SAVAK in Iran.

Die sjah het 'n aansienlike talent vir geopolitiek vertoon en plaaslike, nasionale en transnasionale identiteitspolitiek tydens geopolitieke mededinging ontplooi. SAVAK het die mededinging oor bepaalde onsekerheidsone met die ministerie van buitelandse sake gewen en die belangrikste rol gespeel by die uitvoering van buitelandse beleid in Irak en die Persiese Golf.

G2 (militêre inligting) kon nooit daarin slaag om SAVAK se rol in die intelligensieproses van die heerser of as buitelandse probleemoplosser te ewenaar of te verander nie. Teen die tyd dat hoër oliepryse en wapenaankope die sjah in die 1970's in staat gestel het om meer selfstandig van die VSA en USSR op te tree, was SAVAK reeds etlike jare ontstrenge van sy aanvanklike afhanklikheid van buitelandse intelligensiedienste. SAVAK het 'n sleutelrol gespeel om die geopolitieke veld en die geopolitieke kultuur te hervorm.

Teece en ander het dinamiese vermoëns omskryf as 'n firma se vermoë om vinnige verskuivings in die omgewing op te merk, die geleentheid wat daaruit ontstaan aan te gryp, en die firma daarvolgens te omvorm. Hierdie konsep kan op 'n paar senior SAVAK-offisiere en amp-tenare toegepas word. Hassan Pakravan het die rol van kulturele en ideologiese verandering om die sjah se legitimiteit te versterk uitgewys en kulturele infrastruktuur help opgebou. Hy het

ook die onvervulde ambisies van die nuwe middelklas en die behoefte aan 'n politieke skikking met tradisievaste Moslems en gematigde geestelikes aangedui. Parviz Sabeti het 'n duidelike waarskuwing oor die destabiliserende uitwerking van elitekorupsie gerig.

Die sjah se weersin daarin om sterk en onafhanklike veiligheidsraadgewers om hom te duld en kritiese maar akkurate oordele van SAVAK te aanvaar, het hom langsaam maar seker van werklike ontwikkelinge binne Iran geïsoleer. Sy geopolitieke suksesse het intussen sy self-oorskatting versterk. Tydens die politieke onrus van 1977–79 het hierdie faktore 'n sleutelrol gespeel in swak besluitneming en die sjah se uiteindelijke magsverlies. Terwyl SAVAK tydens die sjah se bewind veral bekend was vir sy anti-kommunistiese en anti-korupsie-boodskappe, was dit die werklike en beweerde wrede martelmetodes van sy teenterreurpersoneel wat onder die Islamitiese Republiek se rewolusionêre 'n simbool geword van die Pahlavi-regime se verwerplikheid.

Toe die Islamitiese Republiek Iran se nuwe regime in 1980 deur die Irakse Baath-bewind aangeval is, het dit geblyk dat die sjah en SAVAK nie net regimebeskerming in Iran bevorder het nie, maar ook nasiebou en staatsbou. Die skikkings en prosesse van die politieke orde was sodanig dat Irak nie soos ander magte in die geskiedenis aansienlike gebiede kon inneem of sy gesag oor groepe in Iran kon vestig nie. Iran was dermate losgemaak van die groot moondhede dat sy buitelandse intelligensiegemeenskap die staat se belange en gebiedsgrense in die geopolitieke orde kon handhaaf.

SAVAK-offisiere het van die boustene gevorm van 'n nuwe Iranse intelligensiediens, wat saam met dele van die sjah se leer en lugmag, die Rewolusionêre Wagte en talle vrywilligers Iran verdedig het. Hierdie magte kon ten spyte van diep ideologiese verskille en groot ongevalle 'n nuwe regime se oorlewing en Iran se gebiedsintegriteit tydens die langste konvensionele oorlog in die 20ste eeu verseker.

Die geval van SAVAK in Iran en die sjah se wisselwerking daarmee bied aanknooppunte om die funksies en rolle van intelligensiedienste in beperktetoegangsortes anders te bekijk. Stout en Warner (2018) onderskei tussen die kernfunksies en randfunksies van intelligensiewerk. Hulle beskryf die verkryging, ontleding en verspreiding van intelligensie, teenintelligensie, en dikwels ook koverte aksie as kernfunksies. Ander funksies, soos grensbeheer en diplomatie, word as randfunksies beskryf. Hulle verwysing na die verskeidenheid van funksies is reg. Hulle definisie van kernfunksies veronderstel egter moontlik 'n redelik gekonsolideerde bewind en staat.

Watter funksies deur intelligensie- en veiligheidsdienste verrig word, en watter daarvan kern- en randfunksies daarstel of so beskou word deur die bewind, hang egter in elke geval van die kenmerke, behoeftes en rolspelers van die politieke orde af. Dit mag dikwels waardevol wees om die funksies van 'n intelligensiediens in 'n beperktetoegangsorte volgens 'n aantal dimensies te ontleed. Daardie dimensies sluit die heerser se verhouding met die intelligensiegemeenskap se rolspelers, die relatiewe mag van die regime teenoor ander binnelandse mededingers, die aard en omvang van regimevorming, die eienskappe en vernaamste rolspelers van die onderliggende politieke skikkings, die kulturele en ideologiese veld, die dinamika en omvang van nasiebou en staatsbou, en die geopolitieke veld en geopolitieke kultuur in.

In beperktetoegangsortes is die vorming, oorlewing en mag van die regime self 'n kernfunksie van intelligensie- en veiligheidsdienste. Dit is ook die geval waar die regime weens sy relatiewe swaakteit in wese nog een faksie tussen ander daarstel, wat byvoorbeeld deur faksies binne die

veiligheidsmagte omvergewerp kon word. 'n Soortgelyke kernfunksie geld waar 'n intelligensiediens in beperktetoegangsortes 'n regime help om magsdeling met of 'n oormag oor die ander faksies te bewerkstellig en te handhaaf.

Waar 'n regime nie 'n magsmonopolie oor die hele gebied het nie, of waar sekere groepe of streke nie hulself as ondergeskik aan die regime beskou nie, is maatreëls en nuwe politieke skikkings om die politieke orde te konsolideer van wesenlike belang. Dit is nog meer die geval wanneer buitelandse magte juis die gebrekkige konsolidasie gebruik om 'n greep op groepe, streke of rolspelers binne sulke ordes te verkry. Indien 'n intelligensiediens deur sulke maatreëls en nuwe politieke skikkings die politieke orde se veerkragtigheid teenoor ander rolspelers bevorder, dan vervul dit 'n kernfunksie vir die regime. Soms mag dit ook tot staatsbou bydra.

In beperktetoegangsortes is daar meermale 'n dinamiese proses van insluiting, uitsluiting en marginalisering binne die politieke elite om die heerser se beheer te verseker. Inligting oor lede van die elite bly dus 'n waardevolle hulpbron vir 'n heerser. Indien 'n intelligensiediens 'n belangrike rol speel om relevante inligting te verskaf en die dinamiese proses te help bestuur, is dit vanuit 'n heerser se oogpunt meestal 'n kernfunksie binne die regime.

Heelwat beperktetoegangsortes se heersers is baie sensitief vir kritiek of idees wat hulle legitimiteit en gesag onder die bevolking mag verswak en moontlike uitdagers kan versterk. Indien 'n intelligensiediens die bewind bystaan om die ideologiese en kulturele veld te vorm en hulle gesag te versterk, is dit vanuit die oogpunt van die heersers dus meermale 'n kernfunksie. Dieselfde situasie geld indien 'n intelligensiediens steun verleen aan die heerser se poging om deur 'n beheerde partystelsel, verkiesings en patronaatpolitiek sy eie steunpunte uit te bou.

In beperktetoegangsortes vervul die intelligensie- en veiligheidsdienste soms 'n rol om van die heerser se opdragte wat nie direk met veiligheidsake te doen het nie, uit te voer. Dit mag voorkom in gebiede waar die heerser onvoldoende administratiewe reikwydte geniet of nie ander instellings met die taak vertrou nie. Die intelligensie- en veiligheidsdienste mag ook as 'n probleemoplosser in gemeenskappe optree. SAVAK het tydens die bewind van die sjah in Iran meermale sulke rolle plaaslik, nasionaal en in die wyer streek vervul.

Bibliografie

Abrahamian, E. 2008. *A history of modern Iran*. Cambridge: Cambridge University Press.

Agnew, J. 2003. *Geopolitics: Re-visioning world politics*. Londen: Routledge.

Alam, A. 2007. *The Shah and I: The confidential diary of Iran's Royal Court, 1969–1977*. Londen: I.B. Tauris.

Alavi-Kia, H. 1983. Onderhoud deur A. Etemad. Parys, Frankryk, Mei.
<https://fis-iran.org/oral-history/alavi-kiya-general-hasan> (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Albrecht, H., A. Croissant en F. Lawson (reds.). 2016. *Armies and insurgencies in the Arab Spring*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Alpher, Yossi. 2015. *Periphery: Israel's search for Middle East allies*. New York: Rowman & Littlefield.

- Amanat, A. 2017. *Iran: A modern history*. New Haven: Yale University Press.
- Andrew, C. en V. Mitrokhin. 2005. *The KGB and the world: The Mitrokhin Archive II*. Londen: Penguin Books.
- Ansari, A.M. 1998. Shah Mohammad Reza Pahlavi and the myth of imperial authority. PhD-proefskrif, London University.
- Axworthy, M. 2013. *Revolutionary Iran: A history of the Islamic Republic*. Londen: Allen Lane.
- Bausani, A. 1975. *Muhammad or Darius? The elements and basis of Iranian culture*. In Vryonis (red.) 1975.
- Bayandor, D. 2010. *Iran and the CIA: The fall of Mosaddeq revisited*. Basingstoke, Hampshire: Palgrave Macmillan.
- Bolster, A. 1988. Onderhoud deur William Burr. Washington DC, 23 Februarie, 24 Maart en 3 Mei. <https://fis-iran.org/oral-history/bolster-archie> (31 Julie 2023 geraadpleeg).
- Buzan, B. en O. Weaver. 2003. *Regions and powers: The structure of international security*. Cambridge: Cambridge University Press.
- Daw, A.P. 1988. Onderhoud deur William Burr. San Francisco, 2 Julie. <https://fis-iran.org/oral-history/daw-alan-price> (31 Julie 2023 geraadpleeg).
- Devlin, J.F. en R.L. Jervis. 1979. *Analysis of NFAC's performance on Iran's domestic crisis, mid-1977–November 1978*, Central Intelligence Agency. 15 Junie. https://www.cia.gov/readingroom/docs/DOC_0001259322.pdf.
- Doran, C. 1971. *The politics of assimilation: Hegemony and its aftermath*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Fardoust, H. 1999. Vertaal deur A.A. Dareini. *The rise and fall of the Pahlavi dynasty: Memoirs of former general Hussein Fardust*. Delhi: Motilal Banarsidass Publishers.
- Gasiorowski, M. 1991a. *U.S. foreign policy and the Shah: Building a client state in Iran*. Ithaca: Cornell University Press.
- . 1991b. Central Intelligence Agency. *Encyclopedia Iranica*. <https://www.iranicaonline.org/articles/central-intelligence-agency-cia-in-persia> (31 Julie 2023 geraadpleeg).
- . 1993. The Qarani affair and Iranian politics. *International Journal of Middle East Studies*, 25(4):625–44.
- Ghiabi, M. 2019. *Drug politics: Managing disorder in the Islamic Republic of Iran*. Cambridge: Cambridge University Press. https://www.ncbi.nlm.nih.gov/books/NBK543503/pdf/Bookshelf_NBK543503.pdf.
- Goelz, O. 2016. Gewaltakteure in Iran: Rackets, Racketeers und der Kampf um das Gewaltmonopol in Teheran, 1941–1963. DPhil-proefskrif, Albert Ludwig Universität Freiburg im

Breisgau. <https://freidok.uni-freiburg.de/fedora/objects/freidok:17356/datastreams/FILE1/content> (1 Augustus 2023 geraadpleeg).

Harney, D. 1985. Onderhoud deur Habib Ladjevardi. Londen, 15 Oktober.
[https://iif.lib.harvard.edu/manifests/view/drs:2861613\\$53i](https://iif.lib.harvard.edu/manifests/view/drs:2861613$53i) (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Harris, K. 2017. *A social revolution: Politics and the welfare state in Iran*. Oakland: University of California Press.

Hashemi, M. 1985. Onderhoud deur Shahrokh Meskoob. Londen, 17 Februarie.
https://curiosity.lib.harvard.edu/iranian-oral-history-project/catalog/32-HASHEMI__MANOUCHEHR01 (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Helms, R. 1985. Onderhoud deur William Burr. Washington DC, 10 Julie. Foundation for Iranian Studies. <https://fis-iran.org/oral-history/helms-richard> (31 Julie 2023 geraadpleeg).

—. 2003. *A look over my shoulder: A life in the Central Intelligence Agency*. New York: Random House.

Hiro, D. 2006. *Iran today*. Londen: Politicos.

Holsapple, C.W. (red.). 2003. *Handbook on knowledge management*. International Handbooks on Information Systems, vol. 2. Berlyn: Springer.

Kamrava, M. 2022. *A dynastic history of Iran: From the Qajars to the Pahlavis*. Cambridge: Cambridge University Press.

Karanjia, R.K. 1977. *The mind of a monarch*. Londen: Allen & Unwin.

Katouzian, H. 2010. *The Persians: Ancient, mediaeval and modern Iran*. New Haven: Yale University Press.

Koch, S.A. 1998. "Zendeabad, Shah!": The Central Intelligence Agency and the fall of prime minister Mohammed Mossadeq, August 1953. <https://www.cia.gov/readingroom/docs/the%20central%20intelligence%20%5B15369853%5D.pdf>.

Laing, M. 1977. *The Shah*. Londen: Sidgwick & Jackson.

Lawson, F. 2016. *Armed forces, internal security services, and popular contention in the Middle East and North Africa*. In Albrecht e.a. (reds.) 2016.

Library of Congress. 2012. *Iran's Ministry of Intelligence and Security*. <https://irp.fas.org/world/iran/mois-loc.pdf>.

Mahmoudi, K. 2020. *Television in Iran: An oral history*. 10 April.
<https://iran1400.org/content/television-in-iran-an-oral-history> (1 Augustus 2023 geraadpleeg).

Matin-Asgari, A. 2018. *Both Eastern and Western: An intellectual history of Iranian modernity*. Cambridge: Cambridge University Press.

Matthee, H. 2022. Persiese poësie en politiek in Iran: Die denke van opperleier Ali Hosseini Khamenei. *LitNet Akademies*, 19(3).

Meyer, A. 1985. Onderhoud met William Burr. Washington DC, 29 Maart. <https://fis-iran.org/oral-history/meyer-armin> (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Michel, S. 2023. *Historiographical flights of fancy on the way to the Great Civilization: The Rastakhiz Party's attempt at crafting an "official" version of history*. Referaat gelewer by die Tiende Europese Konferensie van Iran-studies, ECIS10, Leiden Universiteit, Nederland, 22 Augustus.

Milani, A. 2009. *The Persian Sphinx: Amir Abbas Hoveyda and the riddle of the Iranian Revolution*. Washington: Mage Publishers.

—. 2011. *The Shah*. New York: St. Martin's Griffin.

Mohaqeqqi, A.A. 1989. Onderhoud deur Vali Nasr. Centerville, Virginia, 26 Junie. <https://fis-iran.org/oral-history/mohaqeqqi-general-ahmad-ali> (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Moravej, K. 2011. *The SAVAK and the Cold War: Foreign intelligence and counter-intelligence, 1957–1968*. PhD-proefskrif, Manchester University.

Office of the Historian. S.j. *Visits by foreign leaders of Iran*. United States Department of State. <https://history.state.gov/departments/history/visits/iran> (2 April 2024 geraadpleeg).

Oney, E.R. 1991. Onderhoud deur Seyyed Vali Reza Nasr. Bethesda, Maryland, 22 en 29 Mei. Foundation for Iranian Studies. <https://fis-iran.org/oral-history/oney-earnest-r> (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Ostovar, A. 2016. *Vanguard of the Iman: Religion, politics and Iran's Revolutionary Guards*. Oxford: Oxford University Press.

Parsi, T. 2007. *Treacherous alliance: The secret dealings of Israel, Iran, and the United States*. New Haven: Yale University Press.

Qane'ifard, E. 2012. *Dar damgah tarikh (In the net of events)*. Los Angeles: Ketab Corporation.

Rafi, M. 2016. *From Kulturarbeit to Gharbzadegi: A genealogy of German ideological interaction with Iranian nationalism*. DPhil-proefskrif, University of California Irvine.

Rahnema, A. 2021a. *The rise of modern despotism in Iran: The Shah, the opposition, and the US, 1953–1968*. Londen: Oneworld Publications.

—. 2021b. *Call to arms: Iran's Marxist revolutionaries*. Londen: Oneworld Publications.

—. 2023. *The political history of modern Iran*. Londen: I.B. Tauris.

- Regavim, R.B. 2012. The most sovereign of masters: The history of opium in modern Iran, 1850–1955. DPhil-proefschrift, Pennsylvania University. <https://core.ac.uk/download/pdf/76383776.pdf>.
- Reisinezhad, A. 2017. Geopolitical account of Iran's ties with non-state actors under the Shah: 1958–1979. PhD-proefschrift, Florida International University.
- Sale, R.T. 1977. SAVAK a feared and pervasive force. *Washington Post*, 9 Mei. <https://www.washingtonpost.com/archive/politics/1977/05/09/savak-a-feared-and-pervasive-force/ad609959-d47b-4b7f-8c8d-b388116df90c> (1 Augustus 2023 geraadpleeg).
- Schayegh, C. 2009. *Who is knowledgeable is strong: Science, class, and the formation of modern Iranian society, 1900–1950*. Berkeley: University of California Press.
- Shahbazi, A.S. 2012. Darius I the Great. *Encyclopaedia Iranica*. VII/1, 41–50. <http://www.iranicaonline.org/articles/darius-iii> (1 Augustus 2023 geraadpleeg).
- Shakibi, Z. 2020. *Pahlavi Iran and the politics of Occidentalism: The Shah and the Rastakhiz Party*. Londen: I.B. Tauris.
- Sick, G. 1985. *All fall down: America's tragic encounter with Iran*. Londen: Penguin Books.
- Springborg, R. 2020. *Political economies of the Middle East and North Africa*. Cambridge: Polity Press.
- . 2021. *The Middle East's political economies*, 2 November, CSIS. <https://www.csis.org/analysis/middle-east-political-economies> (1 Augustus 2023 geraadpleeg).
- Steele, R. 2021. *The Shah's imperial celebrations of 1971: Nationalism, culture and politics in Late Pahlavi Iran*. Londen: I.B. Tauris.
- Stout, M. en M. Warner. 2018. Intelligence is as intelligence does. *Intelligence and National Security*, 33(4):517–26. DOI:10.1080/02684527.2018.1452593.
- Tabatabai, A.M. 2020. *No conquest, no defeat. Iran's national security strategy*. Oxford: Oxford University Press.
- Teece, D. en G. Pisano. 2003. The dynamic capabilities of firms. In Holsapple, C.W. (red.) 2003.
- Toal, G. 2017. *Near abroad: Putin, the West, and the contest over Ukraine and the Caucasus*. Oxford: Oxford University Press.
- U.S. Department of State. 1980. The U.S. and human rights in Iran: Public inquiries and U.S. actions. Washington DC, 29 Januarie.
- Vryonis, S. (red.). 1975. *Islam and cultural changes in the Middle Ages*. Wiesbaden: Harrassowitz.

Wainwright, D. 2019. A special relationship? American and British soft power in Iran, 1953–1960. PhD-proefskrif, Reading University.

Whaites, A. 2008. *States in development: Understanding state-building*. DFID Working Paper. Londen: DFID.

Wilcocks, M. 2015. Agent or client: Who instigated the White Revolution of the Shah and the people in Iran, 1963? DPhil-proefskrif, Manchester University.
https://pure.manchester.ac.uk/ws/portalfiles/portal/54578593/FULL_TEXT.PDF.

Yatsevich, G. 1988. Onderhoud deur William Burr. Camden, Maine, 5 November.
<https://fis-iran.org/oral-history/yatsevitch-colonel-gratian> (31 Julie 2023 geraadpleeg).

—. 1989. Onderhoud deur William Burr. Washington, 12 Januarie. <https://fis-iran.org/oral-history/yatsevitch-colonel-gratian> (31 Julie 2023 geraadpleeg).

Zia-Ebrahimi, R. 2010. Iranian identity, the “Aryan Race”, and Jake Gyllenhaal. PBS, Augustus. <https://www.pbs.org/wgbh/pages/frontline/tehranbureau/2010/08/post-2.html> (1 Augustus 2023 geraadpleeg).

Central Intelligence Agency (CIA)

1957a. *Current Intelligence Weekly Summary*. 11 April.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp79-00927a001200040001-6>.

1957b. *Central Intelligence Bulletin*. 9 Oktober.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp79t00975a003300320001-9>.

1958. *Central Intelligence Bulletin*. 4 Augustus.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/03169511>.

1959. *Central Intelligence Bulletin*. 15 Mei.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/03163333>.

1960a. *Central Intelligence Bulletin*. 4 Maart.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/03179284>.

1960b. *Central Intelligence Bulletin*. 2 Junie.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/03189327>.

1960c. *Central Intelligence Bulletin*. 19 Augustus.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/03172661>.

1961. *Central Intelligence Bulletin*. 3 Mei.
<https://www.cia.gov/readingroom/document/02049778>.

1973. *Iran: National intelligence survey*. Mei. <https://www.cia.gov/readingroom/docs/CIA-RDP01-00707R000200070040-4.pdf>.

1975a. *Central Intelligence Bulletin*. 2 April.

<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp79t00975a027600010004-1>.

1975b. *NIE Iran*. 2 Mei. <https://www.cia.gov/readingroom/docs/LOC-HAK-152-7-49-2.pdf>.

1977. *National Intelligence Bulletin*. 15 April.

<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp79t00975a030000010026-9>.

1978a. *Luncheon meeting and phone conversation with Bob Rogers, NBC, concerning possible show on KGB*. 11 April. <https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp81m00980r001200070040-8>.

1978b. *Memorandum to (sanitized) from DCI*. 11 Desember.

<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp80b01554r003300310040-2>.

1979a. Full text: An interview with Director Turner. 4 Februarie.

<https://www.cia.gov/readingroom/docs/CIA-RDP88-01315R000400390143-1.pdf>.

1979b. *Birth of an opposition in Iran*. 30 Mei.

<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp99-00498r000100170050-1>.

1979c. *Chronology of the Iranian crisis: 1 January 1978–15 February 1979*. 1 Oktober.

<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp83m00171r001500200002-8>.

1980. *Ex-CIA director tells his views but not secrets*. 27 Januarie.

<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp91-00901r000500080025-1>.

1983. *CIA and DEA betray Iranian collaborator*. 22 November.

<https://www.cia.gov/readingroom/document/cia-rdp90-00552r000100310001-7>.

(Dokumente geraadpleeg op 14 Julie 2023.)